“kalendermaand” enige maand ongeag die aantal dae waaruit dit bestaan wat begin onmiddellik na 12 uur middernag van die laaste dag van die voorafgaande maand tot 12 uur middernag van die laaste dag van die betrokke maand;

“meter” enige toestel wat deur die stadingenieur goedgekeur is om die hoeveelheid water wat daar deurvloeit, te meet.

“munisipaliteit” die gebied wat onder die jurisdiksie van die raad val;

“munisipale watergeleiding of watertoewer” enige pyp, meter, afsluitkraan of enige apparaat of toerusting wat die eiendom is van of onder direkte beheer van die raad staan en wat gebruik word of gebruik kan word om water aan ‘n verbruiker te verskaf;

“ooreenkoms/kontrak” ‘n dokument wat deur die verbruiker voltooi en onderteken moet word in ‘n vorm soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal;

“privaat waterdistribusiestelsel” enige waterpypleiding op enige eiendom of in enige privaatgebou wat nie die eiendom van die raad is nie of nie onder beheer van die raad val nie, maar waarin water-, vloeit of kan vloeit wat deur die raad verskaf is;

“hoof”: finansiële beampete” die persoon wat deur die raad in hierdie hoedanigheid aangestel is of wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree;

“stadsingenieur” die persoon wat deur die raad in hierdie hoedanigheid aangestel is of wat in die pos waarneem of deur die raad gemagtig is om namens hom op te tree;

“verbruiker” enige persoon, openbare liggaam, maatskappy of koöperasie wat geregtig is op voorsiening van water of wat verplig word om water deur die raad verskaf word, te gebruik;

“verbruiksmaand” die tydperk tussen twee datums waarop in meter gelees word met ‘nmaksimum van twaalf lesings per kalenderjaar;

“waternaansluiting” ‘n pyp wat van ‘n hoofwatergeleiding na die eiendom van ‘n eienaar of verbruiker tot by die uitlaat van die meter gelê is insluitende alle toebehore en meters; en

“raad” die Beaufort-Wes Munisipaliteit

Aanvraag vir water

2. (1) Enige eienaar of verbruiker wat verlang om deur die raad van water voorsien te word doen daarvoor aansoek by die raad op die voorgeskrewe vorm wat by die hoof: finansiële beamppte se kantoor verkrybaar is, ooreenkomstig die bepalings van enige wette, verordeninge, tariefskedules en voorwaardes wat in hierdie verordeninge vervat is, soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur.
- (2) Die doel waarvoor die voorsiening aangevra is mag nie verander word alvorens die hoof: finansiële beamppte skriftelik daarvan in kennis gestel is nie.
- (3) Die applikant moet by ondertekening van die ooreenkoms sy identiteitsdokument voorlê. Indien die applikant nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, moet 'n geldige paspoort voorgelê word.
- (4) Nadat die gemagtigde amptenaar ingestem het om water te voorsien, moet 'n ooreenkoms deur die applikant onderteken word. Geen water word voorsien voordat hierdie ooreenkoms onderteken is en die deposito waarna in artikel 19 van hierdie verordening verwys word, betaal is nie.
- (5) Indien water vir boudoeleindes benodig word, kleinere veranderinge of byvoegings tot bestaande geboue uitgesluit, moet aansoek vir 'n afsonderlike aansluiting vir elke eiendom teen betaling van die voorgeskrewe gelde gedoen word.
- (6) Niemand mag enige water wegneem of veroorsaak of toelaat dat dit weggeneem word van sy perseel of eiendom vir gebruik elders, behalwe met die voorafverkreeë toestemming van die stadsingenieur.
- (7) Die raad het die reg om van 'n eienaar of verbruiker te vereis om bykomstige meters te installeer ten einde verbruike vir verskillende doeleindes of van verskillende verbruikers, te meet.
- (8) Slegs natuurlike persone bo die ouderdom van 21 jaar en/of wat handelingsbevoeg is, mag 'n ooreenkoms met die raad aangaan.
- (9) Insolvente en ander persone wat nie handelingsbevoeg is nie, kan slegs met die toestemming en bystand van sy/haar kurator of wettige voog 'n ooreenkoms aangaan, mits sodanige kurator of wettige voog onderneem om die volle rekening te betaal in geval van wanbetaling.
- (10) Indien die eienaar/verbruiker nie 'n natuurlike persoon is nie, moet 'n magtiging om die ooreenkoms aan te gaan, voorgelê word.
- (11) 'n Identiteitsdokument moet persoonlik by ondertekening van die ooreenkoms voorgelê word.
- (12) Dit word nie van partye wat binne gemeenskap van goedere getroud is, vereis dat albei partye die ooreenkoms onderteken nie, maar albei partye word afsonderlik en gesamentlik aanspreeklik vir die betaling van rekening gehou.

Verskaffing van water

3. (1) Nadat aan die bepalings van hierdie verordening voldoen is, voorsien die raad 'n aansluiting.
- (2) Die plasing van die aansluiting word deur die stadsingenieur bepaal. Die raad is by magte om die grootte van enige aansluiting te bepaal of te beperk.
- (3) Alle toebehore van 'n privaat distribusiestelsel word deur en op koste van die eienaar of verbruiker verskaf, aangelê en in goeie orde gehou.
- (4) Die geheel van die munisipale distribusiestelsel wat nie deel van 'n privaat waterdistribusiestelsel vorm nie, word op koste van die raad aangelê- en in stand gehou.
- (5) Indien die ooreenkoms waarna in artikel 2 (4) verwys word beëindig word, mag die raad die toevoer afsluit en die betrokke meter verwyder.

Raad nie verplig om aansluiting te gee

4. (1) Die raad is nie verplig om 'n aansluiting te gee of vir 'n toevoer van water na 'n eiendom te sorg binne 'n bepaalde tydperk nadat 'n aansoek om voorsiening by die hoof: finansiële beampete ingedien is nie.
- (2) Die volgorde waarin aansluitings gemaak word, word uitsluitlik deur die stadsingenieur bepaal.

Aansluiting vir bou-doeleindes

5. (1) Voordat 'n aansluiting vir boudoeleindes gemaak word, moet die applikant die koste vir die verskaffing en installering soos deur die raad by spesiale besluit bepaal, betaal.
- (2) Betaling word slegs aanvaar op voorlegging van 'n sertifikaat van die mediese gesondheidsbeampte dat sy vereistes in verband met die voorsiening van sanitêre geriewe op die bouperseel voldoen is.
- (3) Indien die stadsingenieur dit goedkeur, kan dieselfde aansluiting, wat ingevolge hierdie verordening verskaf word vir die permanente voorsiening van die eiendom gebruik word, maar geen verbinding ten opsigte van so 'n permanente voorsiening mag aangebring word alvorens die prosedure voorgeskryf in artikel 2 nagekom is nie.

Wateraansluitings slegs deur raad se amptenare

6. Slegs 'n gemagtigde amptenaar van die raad of 'n kontrakteur wat vooraf deur die stadsingenieur goedgekeur is, mag 'n aansluiting aan 'n hoofwatergeleiding maak.

Verpligte munisipale watertoever binne die munisipaliteit

7. Onderworpe aan hierdie verordening moet elke eienaar van 'n eiendom wat tydelik of permanent beset word 'n toevoer vir menslike gebruik van die raad verkry, mits die raad instem om 'n toevoer te verskaf.

Waterverbinding met ander waterbronne

8. (1) Niemand mag enige verbinding tussen enige geleiding waarin munisipale water vloeи of kan vloeи en enige privaat put, boorgat, fontein of enige ander bron van voorsiening maak of toelaat dat dit gemaak word of bestaan nie.
(2) Niemand mag toelaat dat enige re  nwater of stormwater in aanraking kom of meng met enige opgaartenk, bak, houer of watergeleiding wat gebruik word of kan word vir water wat deur die raad voorsien word.

Privaat verbinding

9. Geen eiendom mag met die privaat distribusiestelsel van 'n ander eiendom verbind word nie.

Afsonderlike bewoning

10. Indien gedeeltes van 'n eiendom afsonderlik bewoon word, geskied die verskaffing van water aan die eiendom of gedeeltes daarvan onderworpe aan die volgende bepalings:
 - (1) Indien die eienaar van 'n groep of blokgeboue onderneem om vir die water wat verskaf word te betaal, het die stadsingenieur die bevoegdheid om toe te laat dat aan die groep of blokgeboue water deur middel van een aansluiting verskaf word.
 - (2) Wanneer meer as een gebou of gedeelte van 'n gebou uit een aansluiting bedien word, moet 'n afsluitkraan na elke gebou of gedeelte van 'n gebou, deur die eienaar aangebring word sodat die toevoer na so 'n gebou of gedeelte van 'n gebou afgesluit kan word sonder om die toevoer na die ander verbruikerspunte te onderbreek. Die afsluitkraan voor die meter behoort aan die Raad en is buite perkte vir die eienaar/publiek.

Slegs een waternaansluiting per eiendom

11. Eiendomme wat nie deur die bepalings van artikel 10 van hierdie verordening gedek word nie, is nie geregtig om toevoer deur middel van meer as een aansluiting te kry nie; met dien verstande dat die stadsingenieur dit mag toelaat wanneer dit vir hom blyk dat ontbering of ernstige ongerief of ander soortgelyke omstandighede andersins kan ontstaan.

Enkel aansluitings – bestaande eiendomme

12. In die gevalle waar bestaande eiendomme deur middel van ‘n enkele aansluiting van water voorsien word en dit nodig word om binne die geboue of grense van die eiendomme ‘n verwydering, verandering of verlenging van die gemeenskaplike pyplyn aan te bring of as daar ‘n verwisseling van eienaars plaasvind van ‘n gebou wat voorheen as ‘n gedeelte van ‘n blok of ry geboue wat aan een eienaar behoort het, moet elke eienaar wat deur die verwisseling geraak word by die raad aansoek om ‘n afsonderlike aansluiting doen.

Verpligte gebruik van watermeter

13. Alle water wat deur die raad verskaf word, moet deur ‘n munisipale meter vloei.

Watermeters en toebehore deur raad verskaf

14. Alle meters, krane, meterkaste, pype en ander toebehore wat ingevolge hierdie verordening deur die raad voorsien of aangebring is, bly die eiendom van die raad en val te alle tye onder die stadsingenieur se beheer.

Plasing van watermeter

15. (1) Die stadsingenieur het die reg om wanneer hy dit nodig ag, ‘n meter op die eiendom van ‘n verbruiker te installeer en om van die verbruiker te eis dat hy op eie koste sodanige veranderinge aanbring as wat vir die installering van ‘n meter nodig is.
(2) ‘n Meter mag nie sodanig toegebou of versper word dat die meter en toebehore nie geredelik leesbaar en bekombaar is en vir vervanging, toetsing of instandhouding verwyder kan word nie.
(3) Vir sover dit gewone slytasie betref, onderhou en herstel die raad op eie koste enige aansluiting wat deur hom verskaf is. Blyk dit egter dat herstelwerk aan die betrokke meter nodig is omdat dit opsetlik, nataliglik of per ongeluk deur die verbruiker beskadig is, is die verbruiker vir die herstelkoste aanspreeklik.

Herstel en vervanging van watermeters

16. Die raad behou hom die uitsluitlike reg voor om ‘n meter wat sy eiendom is of onder sy beheer staan te enige tyd te toets, te herstel of te vervang.

Watermeter wat foutief registreer

- 17.(1) Indien ‘n verbruiker meen dat sy meter sy waterverbruik foutief registreer, kan hy by die hoof: finansiële beampete aansoek doen om die meter deur die stadingenieur te laat toets.
(2) Die aansoek moet aan die hoof: finansiële beampete op die voorgeskrewe vorm gerig word en moet vergesel gaan van die toetsgeld soos deur die raad by spesiale besluit bepaal is.

- (3) Die toetsresultate van die stadsingenieur oor die korrektheid van die meter –is finaal en bindend op die verbruiker.
- (4) Indien die stadsingenieur sou bevind dat die werklike verbruiken soos deur die meter geregistreer, afwyk van die norm soos vervat in die Wet op Handelsmetrologie (Wet 77 van 1973), word die toetsgelde aan die verbruiker terugbetaal, maar nie as die verbruiken minder is as die aangeduide norm nie.
- (5) Enige regstelling van waterverbruik deur byvoeging of aftrekking is slegs van toepassing en word in berekening gebring op die verbruik vanaf die derde laaste normale lesing voor die datum van ontvangs van die toetsgelde ongeag die tydperk van die jaar of enige ander omstandighede.

Gemiddelde verbruik – meters buitewerking

- 18. Die hoeveelheid water verbruik tydens die tydperke wat die meter buitewerking was, word bereken op die gemiddelde verbruik gedurende die voorafgaande drie maande of die naaste ononderbroke tydperk van drie maande voor of na-die tydperk wat die meter buitewerking was. Die bepaling van hierdie ononderbroke tydperke berus uitsluitlik by die hoof: finansiële beampete.

Bepaling van deposito's

- 19.(1) Die deposito waarna in artikel 2 (4) hiervan verwys word, word soos volg bepaal:

- (a) Uitgesonderd in die geval van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika (met inbegrip van die Wes-Kaapse Proviniale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Posdiens, TELKOM en TRANSNET) of 'n ander klas verbruiker deur die raad goedgekeur, moet elke aansoeker om 'n toevoer, voordat sodanige toevoer geskied, by die raad 'n bedrag geld stort, wat na die mening van die hoof: finansiële dienste gelykstaande is aan die koste van die waarskynlike maksimum verbruik van die aansoeker gedurende enige twee of soveel meer agtereenvolgende maande as wat die raad bepaal.
- (b) Niteenstaande die bepalings van subartikel (1) (a) kan die hoof: finansiële beampete sekuriteit vir die betaling van enige bedrag wat die aansoeker verskuldig mag wees vir die toevoer, in stede van die bepaling van 'n bedrag geld as deposito, 'n waarborg van 'n goedgekeurde bank of ander finansiële instelling aanvaar vir 'n bedrag wat bereken word soos in subartikel (1) (a) bepaal; met dien verstande dat die totale bedrag van sodanige waarborg nie minder as R5 000,00 mag bedra nie. Geen rente is deur die raad op enige bedrag geld wat in kontant as deposito gestort is, betaalbaar nie.
- (2) Die hoof: finansiële beampete het die reg om enige eienaar of verbruiker in kennis te stel dat die deposito verhoog word waar sodanige deposito nie voldoende is om die koste van die maksimum hoeveelheid in artikel 19 (1) (a) en (b) genoem, te dek nie. Die verbruiker moet onverwyld die addisionele bedrag verlang deponeer. Indien dit nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf hierdie datum deur die verbruiker opgeëis word nie.

- (3) Die deposito word by beëindiging van die ooreenkoms verrekenbaar teen enige skuld aan die raad wat ten opsigte van heffings opgeloop het en die saldo daarvan, indien enige, tesame met enige kredietsaldo op die rekening word aan die raad verbeur indien dit nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf hierdie datum deur die verbruiker opgeëis word nie.

Hoeveelheid water geregistreer en betaling daarvoor

20. (1) Behoudens die bepalings van hierdie verordening word die hoeveelheid water wat deur die meter geregistreer is, beskou as die hoeveelheid wat in werklikheid verskaf is. Die verbruiker moet vir die hoeveelheid water wat deur die raad by spesiale besluit bepaal is, betaal.
- (2) Alle heffings wat aan die raad vir water verskaf verskuldig is moet voor die 15de van die kalendermaand wat volg op die kalendermaand waarin 'n rekening ten opsigte van so 'n heffing versend is, betaal word.

Bestelling van dokumente

21. Enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordeninge aan 'n persoon gegee of gestuur moet word, kan gegee of gestuur word deur die oorspronklike daarvan op een van die volgende maniere af te lewer:
- (1) aan sodanige persoon persoonlik of aan sy behoorlik gemagtigde agent;
- (2) deur sodanige voorskrif, kennisgewing of dokument te versend per vooruitbetaalde gesertificeerde of geregistreerde pos in 'n koevert waarop sy laasbekende huis- of besigheidsadres of posbusnommer geskryf is. Sodanige stuk word geag afgelewer te gewees het op die tydstip waarop die brief in die gewone loop van die pos afgelewer sou word;
- (3) aan 'n verantwoordelike persoon bo die ouderdom van 16 jaar op die eiendom wat behoort aan of bewoon word deur die persoon opwie die diening moet geskied;
- (4) deur die voorskrif, kennisgewing of dokument op 'n ooglopende plek op die eiendom aan te bring, indien geen persoon soos in subartikel (3) vermeld, gevind kan word nie;
- (5) indien die persoon 'n domicilium citandi gekies het, die stuk by sodanige adres op een van bogemelde maniere af te lewer; of
- (6) enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat kragtens hierdie verordening aan die eienaar of okkuperer van 'n eiendom afgelewer moet word, kan aan die "eienaar" of "okkuperer" van die betrokke eiendom geadresseer word sonder vermelding van die eienaar of okkuperer se naam of enige beskrywing.

Toegang en ondersoek deur beampes

22. Die inspekteur of gemagtigde amptenare van die raad besit die reg van toegang tot enige eiendom hê ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van hierdie verordening voldoen word.

Dwarsboming van beampes

23. Niemand mag aan enige gemagtigde amptenaar van die raad toegang tot 'n eiendom weier of hom verhinder of toelaat dat hy verhinder word om sy pligte en bevoegdhede ingevolge hierdie verordening uit te voer nie.

Weiering van inligting

24. Niemand mag weier om enige inligting te verstrek of inligting weerhou of opsetlik vals inligting verskaf aan 'n gemagtigde amptenaar van die raad wat met die uitvoering van hierdie verordening belas is.

Vermorsing, misbruik of besoeling van water

25. Niemand mag opsetlik of nalatiglik water mors, misbruik of besoedel, of toelaat dat enige apparaat foutief raak nie.

Stappe ter voorkoming van vermorsing

- 26.(1) Indien water vermors of misbruik word of 'n lekkasie ontstaan, moet die eienaar of verbruiker sonder versuim stappe doen om die vermorsing, misbruik of lekkasie stop te sit.
- (2) Bly die eienaar of verbruiker in gebreke om die genoemde stappe te neem, moet 'n kennisgewing aan hom bestel word waarin hy gelas word om die vermorsing of misbruik of lekkasie binne 'n vasgestelde tydperk te staak.
- (3) Versuim of weier die eienaar of verbruiker dan nog om die nodige stappe te doen, word dit as 'n oortreding van hierdie verordening geag en kan die raad boonop nog sonder enige verhaal teen die raad die toevoer staak of die nodige herstelwerk aan die privaat distribusiestelsel op koste van die eienaar of verbruiker laat doen in welke geval laasgenoemde ook nog aanspreeklik is vir enige heffing wat in die raad se finansiële verordeninge vermeld word.

Onderbreking en/of onvoldoende toevoer

27. Die raad is nie aanspreeklik vir enige skade of vergoeding as gevolg van 'n gebrek in die gehalte van die water wat gelewer word, 'n versuim om water te lewer of enige onderbreking in die toevoer nie.

Geen verpligting om bepaalde waterdruk te handhaaf

28. Die raad is nie verplig om op enige plek en tyd in sy distribusiestelsel 'n bepaalde druk te handhaaf nie.

Watertoever na hoëliggende punte op persele

29. Geen water word gelewer aan 'n perseel wat geleë is bo 'n hoogte wat deur die normale druk van die hoofleiding van die plaaslike owerheid bedien kan word nie, tensy die eienaar van so 'n perseel 'n selfstandige en outomatiese pompstelsel, tesame met 'n tenk wat 'n voorraad water vir minstens 'n halwe dag se gebruik vir sodanige perseel kan hou, op eie koste kan verskaf en op 'n bevredigende wyse onderhou. Sodanige toerusting en opgaartenk, kan geïnspekteer word en die watervoorraad uit die tenk kan chemies en bakteries getoets word al na die plaaslike owerheid vereis. Die voorraad water wat uit die hoofleiding geneem word, word aan die toevoer van die pompinstallasie deur 'n meter geregistreer.

Ooreising van toevoerstelsel

30. Indien die raad se toevoerstelsel ooreis mag word, is dit die plig van 'n eienaar of verbruiker om op eie koste voorsorgmaatreëls te tref om die toevoer uit 'n reservoir of houer of swartekragwatertenk of ander metode wat deur die stadsingenieur skriftelik goedgekeur is, aan te vul.

Onderbreking in watertoeverstelsel

31. Indien 'n eienaar of verbruiker afhanglik is van 'n voortdurende toevoer van munisipale water is dit sy plig om voorsorg te tref vir 'n onderbreking van minstens 12 uur.

Beskadiging van raad se werke

- 32.(1) Niemand mag enige van die waterwerke van die raad beskadig of enige handeling verrig, laat verrig of toelaat dat dit verrig word waardeur enige put, boorgat, windpomp, bron, fontein, stroom, rivier, dwarswal, dam, reservoir, geboue, terrein of enige toerusting beskadig, benadeel, verswak, geskend of vernietig word nie.
- (2) Slegs 'n gemagtigde amptenaar mag hom enigsins bemoei met enige brandkraan, kraan, pypgeleiding, apparaat, drukmeter, watermeter, pomp of iets dergeliks wat aan die raad behoort.

Ongemagtigde aansluitings

33. Iemand wat nie die bepalings van hierdie verordening nagekom het nie, mag nie van die munisipale water neem of laat neem of enige verbinding maak of laat maak met die raad se distribusiestelsel nie.

Ongemagtigde verbinding aan waternaansluiting

34. Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die stadsingenieur, enige verbinding maak met 'n pomp of ander soortgelyke toerusting wat direk aan die hoofleiding gekoppel is. Geen toestel of masjien wat trillinge in enige waterpyp kan veroorsaak, mag direk aan die aansluiting gekoppel word nie.

Verbruiker se afsluitkraan

35. Elke verbruiker of eienaar moet op eie koste 'n afsluitkraan aanbring in sy hooftoevoerwaterpyp op sy eiendom aan die verbruikerskant van die meter op 'n plek wat deur die stadsingenieur goedgekeur is en waarmee die gehele tovoer van water na die eiendom afgesluit kan word. Die afsluitkraan voor die meter is buite perke vir die eienaar/publiek.

Versuim om privaat waterdistribusiestelsel te herstel

- 36.(1) In geval van misbruik of vermorsing of oormatige gebruik of onnodige lekkasie in 'n privaat waterdistribusiestelsel kan 'n gemagtigde amptenaar per skriftelike kennisgewing die eienaar of verbruiker versoek om binne 7 dae na diening daarvan die nodige herstelwerk insluitende verandering of vernuwing te verrig.
- (2) Indien die eienaar of verbruiker versuim om aan die versoek vermeld in subartikel (1) hiervan te voldoen, kan die raad aan enige gelisensieerde loodgieter of sy eie amptenare opdrag gee om op koste van die eienaar of verbruiker die nodige herstelwerk te verrig of die nodige verandering aan te bring.

Bowendien bly die eienaar of verbruiker aanspreeklik vir enige heffings van die raad ingevolge sy finansiële verordeninge.

Verhaal van koste deur raad

- 37.(1) In alle gevalle waar die raad werk ingevolge hierdie verordening onderneem waarvan die koste deur die raad van 'n persoon verhaal kan word, en ten opsigte waarvan geen bepaalde tarief in hierdie verordening vasgestel is nie, word die koste ooreenkomsdig die bepalings van hierdie verordening of munisipale ordonnansie bepaal.
- (2) By die koste vermeld in subartikel (1) hiervan kan enige onkoste in verband met die opbrek of regmaak van 'n straat of in verband met die herstel van enige eiendom of grond gevoeg word.

Ontruiming en betrekking van eiendomme

- 38.(1) Enige eienaar of verbruiker aan wie die raad kragtens ooreenkoms water voorsien wat van voorneme is om die eiendom te ontruim en dientengevolge verlang dat sy verantwoordelikheid beëindig word, moet minstens 6 dae voor die datum van ontruiming skriftelik daarvan aan die hoof: finansiële beampete kennis gee.

- (2) Indien 'n eienaar of verbruiker in gebreke gebly het om kennis ooreenkomstig subartikel (1) te gee, bly hy aanspreeklik vir die verbruik totdat dienooreenkomstig kennis gegee is.
- (3) Eienaars en verbruikers wat 'n eiendom wil betrek en verlang dat die raad aan hulle water moet voorsien, moet insgelyks minstens 6 dae vooruit skriftelik aan die hoof: finansiële beampete kennis gee en die voorgeskrewe kontrak vir voorsiening met die raad sluit.

Inkorting – watertoewer

- 39.(1) Die raad het die reg om sonder betaling van vergoeding en sonder benadeling van sy regte om betaling te eis vir water wat aan die eienaar of verbruiker verskaf is die toevoer na goeddunke te staak of te weier indien so 'n verbruiker:
- (a) versuum het om 'n bedrag ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig te betaal; met die uitsondering van verbruikers wat ingevolge die raad se beleid vir deernishuishoudings, vir 'n deernissubsidie kwalifiseer.
 - (b) opsetlik, of nalatiglik 'n hoofgeleiding, aansluitingspypmeter of enige ander toerusting van die raad wat gebruik word of gebruik kan word in verband met voorsiening beskadig, laat beskadig of toelaat dat dit beskadig word;
 - (c) enige van hierdie artikels oortree; en
 - (d) met enige toerusting onder beheer van die raad wat gebruik word of gebruik kan word in verband met voorsiening gepeuter het of hom onnodig daarmee bemoei het of daaraan laat peuter het of toegelaat het dat daaraan gepeuter word.
- (2) Die raad is nie aanspreeklik vir skade deur enige eienaar of verbruiker gely as gevolg van die afsny of beperking van die toevoer as dit gedoen is terwyl bona fide geglo is dat die eienaar of verbruiker hom aan enigeen van die vergrype in subartikel (1) vermeld, skuldig gemaak het.
- (3) Voordat die raad die voorsiening van water aan sodanige eienaar of verbruiker hervat, moet laasgenoemde die heraansluitingsgeld soos deur die raad by spesiale besluit bepaal, asook enige bedrae ingevolge hierdie verordening verskuldig, aan die raad betaal.

Spesiale ooreenkomste vir watervoorsiening

- 40.(1) Geeneen van hierdie artikels word geag die raad te verhinder om water, waar omstandighede dit regverdig, aan enige eienaar of verbruiker te voorsien anders as ooreenkomstig hierdie verordening en vir die doeleindest 'n spesiale ooreenkoms met enige persoon aan te gaan met betrekking tot die voorsiening of die hoeveelheid water wat voorsien moet word; met dien verstande dat die bepalings van so 'n ooreenkoms sover moontlik met hierdie verordening moet ooreenkomen.

Beëindiging van ooreenkoms

40. (2) Die raad of die eienaar of verbruiker mag te enige tyd, 'n ooreenkoms ingevolge hierdie verordening beëindig deur die ander party tot die ooreenkoms, minstens 6 dae vooruit skriftelik in kennis te stel van die voorneme om dit te doen.

Onus op verbruiker

41. Enige oortreding van hierdie verordening op die eiendom van 'n eienaar of verbruiker word beskou 'n oortreding van die eienaar of verbruiker te wees totdat hy die teendeel bewys het.

Verkoop deur verbruiker verbode

42. Geen eienaar of verbruiker mag enige munisipale water behalwe met die skriftelike toestemming van die raad verkoop, verruil of verskaf nie.

Afsluit van watertoewer

43. Die stadsingenieur mag te enige tyd tydelik die toevoer in enige hoofgeleiding of aansluiting of verbinding afsluit om herstelwerk of veranderinge aan enige geleiding of apparaat aan te bring.

Voorkoming, besoedeling en korrosie

- 44.(1) Tensy hierdie verordening anders bepaal, mag geen pyp waarin munisipale water gelei word of gelei kan word in dieselfde voor as enige riool, houer, afvoerleiding, misgat, asput of dergelike plek of in enige grond wat kalk, as, sout- of suurafval bevat of oor of in enige ongesikte grond wat moontlik sou kan insink, of deur of onder beton waar dit 'n nadelige uitwerking o die pyp kan hê, gelê word nie.
- (2) Ingeval so 'n houer, afvoerleiding of enige ander plek soos hierbo genoem onvermydelik op die pad van die pyp lê, moet so 'n pyp deur 'n omhullende pyp van materiaal wat deur die raad goedgekeur is, gelê word.

Diepte, deklaag en posisie van pype

- 45.(1) Indien waterpype buitekant geboue onder die grond aangelê moet word, moet dit minstens 50 cm onder die grondoppervlak gelê word of andersins behoorlik teen die weer of moontlike beskadiging beskerm word.
- (2) Waterpype binne geboue moet voldoende gestut word om deursakking te voorkom en hulle moet behoorlik tot bevrediging van die stadsingenieur teen beskadiging beskerm word.

Staanpype en bogrondse pype

- 46.(1) Staan- of ander pype wat bo die grond uitsteek, en nie andersins aan 'n struktuur vasgeheg is nie, moet stewig geanker of vasgemaak word sodat onnodige beweging uitgeskakel word.
- (2) 'n Tuinslang mag slegs aan die privaat distribusiestelsel van 'n eienaar of verbruiker aan die verbruikerskant van die afsluitkraan gekoppel word.

Ondergrondse houers

47. Geen ondergrondse houer mag vir die opvangs of bewaring van munisipale water wat vir menslike gebruik bedoel is, gebruik word nie.

Spesiale waterbeperkings

48. Indien die raad ingevolge artikel 4 van die Wet op Waterdienste (Nr. 108 van 1997) waterbeperkings sou afkondig, is enige persoon wat munisipale water gedurende die verbode ure of vir verbode of ander doeleindes deur die raad gespesifiseer gebruik, skuldig aan 'n oortreding van hierdie verordening en kan daar soos volg teen so 'n persoon opgetree word:
- (1) straf soos voorsien in artikel 54 van die Wet op Waterdienste (Nr. 108 van 1997);
- (2) staking van waterdienste totdat so 'n verbruiker skriftelik onderneem het om hom nie weer aan 'n soortgelyke oortreding skuldig te maak nie en hy alle koste aan die raad verged het wat uit hierdie aksie voortgespruit het; en
- (3) dat die verbruik gedurende die periode waarin die oortreding plaasgevind het, teen 'n hoër tarief soos deur die raad goedgekeur, aangeslaan word.

Bewyslas inskrywings in raad se boeke

- 49.(1) Die inskrywings in die boeke van die raad in verband met die hoeveelheid verbruikte water word as korrek beskou totdat die eienaar of verbruiker die teendeel bewys het.
- (2) Dit is nie nodig vir die persoon wat die meter gelees het of die inskrywing gemaak het om te getuig ten einde die lesing of inskrywing deur voorlegging van die betrokke lesingsrekord te bewys nie.

Gemeterde en ongemeterde brandblus-toevoer

50. Wanneer 'n ooreenkoms vir die lewering van water tussen 'n eienaar of verbruiker met die raad gesluit is, sal een of twee goedgekeurde afsonderlike aansluitings onderskeidelik vir huishoudelike verbruik en vir brandblusdoeleindes, of 'n goedgekeurde gemeenskaplike aansluiting vir die eiendom aangebring word vir beide huishoudelike verbruik sowel as vir brandblusdoeleindes, met dien verstande dat:

- (1) water voorsien deur middel van 'n aansluiting vir huishoudelike verbruik sowel as vir brandblusdoeleindes, op die eiendom hetsy gesamentlik of afsonderlik van meters voorsien sal word, mits die brandblusstelsel op 'n afsonderlike pypstelsel gekoppel is en geensins met die huishoudelike stelsel verbind is nie;
- (2) water van die brandblusstelsel slegs vir die bestryding van 'n brand op die eiendom getap mag word;
- (3) indien die eienaar of verbruiker in 'n geval waar water vir brandblusdoeleindes nie gemeter is nie wel water vir 'n ander doel gebruik of 'n tydelike of permanente verbinding maak met die ongemeterde brandblusstelsel wat dit moontlik maak om water vir 'n ander doel as die bestryding van 'n brand te gebruik, dan;
 - (a) is dit 'n oortreding van hierdie verordening;
 - (b) kan die hoof: finansiële beampte die eienaar of verbruiker vir die geskatte verbruik tydens die onwettige verbinding met die ongemeterde brandblusstelsel soos deur hom bepaal, aanslaan; en
 - (c) kan die hoof: finansiële beampte die eienaar of verbruiker verplig om die gelde te betaal vir die aanbring van 'n meter deur die raad wat alle water meet insluitende die vir brandbestryding op die eiendom of perseel.
- (4) die gemeenskaplike of afsonderlike aansluiting tot bevrediging van die stadsingenieur aangebring word;
- (5) 'n eienaar of verbruiker kan verkies om 'n gemeenskaplike of afsonderlike aansluiting aan te vra waardeur alle water wat op die eiendom gebruik, gemeet word.

Waterdrukmeter vir brandblusstelsel

51. 'n Waterdrukmeter wat die waterdruk in kN/m² of Kpa of Bar in die hooftoevoergeleiding van die brandblusstelsel aantoon, moet aan die brandblusstelsel op 'n opvallende en beskutte plek binne die eiendom op die eienaar of verbruiker se koste voorsien, aangebring en in stand gehou word.

Goedkeuring vir water-brandblusstelsel

52. Geen water brandblusstelsel mag aan die aansluiting vir brandblusdoeleindes verbind word alvorens die stadsingenieur nie skriftelik gesertifiseer het dat die stelsel in ooreenstemming met hierdie verordening nie.

Amptelike dokumente

53. 'n Bevel, kennisgewing of dokument uitgereik ingevolge hierdie verordening is behoorlik van krag as dit deur die munisipale bestuurder, hoof: finansiële beampte, stadsingenieur, mediese gesondheidsbeampte of hulle gedelegeerde onderteken is.

Straf vir oortreding van verordening

- 54.(1) Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete en/of gevangenisstraf.
- (2) Behoudens 'n kostebevel van 'n hof, moet 'n persoon die koste wat die raad aangegaan het om deur bemiddeling van 'n prokureur enige bedrag wat deur sodanige persoon ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig is, te verhaal, aan die raad vergoed.

Toepassing van verordening

55. Hierdie verordening is van toepassing op alle eiendomme, verbruikers en eienaars met dien verstande dat -
- (1) van 'n eienaar of verbruiker nie vereis word om veranderinge aan of vervanging van bestaande distribusiestelsels wat wettig in gebruik was op die eiendom onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie verordening te maak nie behalwe in gevalle soos in subartikel (2) omskrywe is.
- (2)(a) indien enige toestel of 'n privaat distribusiestelsel deur die stadsingenieur in so 'n toestand of posisie gevind dat dit vermorsing, buitensporige verbruik, misbruik of verkeerde meting kan veroorsaak of beskadig kan word of die mediese gesondheidsbeampte die mening toegeadaan is dat dit besmetting, besoedeling of die gevaar van besmetting of besoedeling van munisipale water verorsaak of kan veroorsaak, kan die raad, sonder enige verhaal deur die eienaar of verbruiker teen die raad die tovoer staak en/of die eienaar of verbruiker verplig om die nodige vervanging of verandering soos deur hierdie verordening bepaal binne 14 dae na skriftelike kennisgewing deur die stadsingenieur of mediese gesondheidsbeampte, aan te bring;
- (b) indien die eienaar of verbruiker versuim om die nodige vervanging of verandering aan te bring, kan die raad die werk op koste van die eienaar of verbruiker laat doen en sodanige uitgawes plus enige heffings ooreenkomsdig die raad se finansiële verordeninge van die eienaar of verbruiker verhaal. Bowendien is die versuim of weiering om die vervanging of verandering soos bevel aan te bring, 'n oortreding van hierdie verordening.

Heffings

56. Die volgende bepalings ten opsigte van heffings, waarvan toepassing, sal geld-
- (1) indien water vir verskillende doeleindeste aangewend word sonder dat dit afsonderlik gemeet word, is die heffing op die hoogste tariefskaal soos deur die raad bepaal vir die betrokke doeleindeste in die onderhavige geval van toepassing;
- (2) indien die eienaar of verbruiker die bepaling van die tarief in twyfel trek, rus die bewyslas op hom, of

- (3) die toepaslike besigheidstarief word toegepas tensy 'n afsonderlike meter ten opsigte van elke wooneenheid wat afsonderlik van water voorsien word, geïnstalleer is.

Storte, waskomme en openbare urinale

- 57.(1) Drie jaar na die uitvaardiging van hierdie verordeninge mag die volgende nie aangebring word nie –
- (a) 'n stortkop met 'n maksimum flou vloeitempo hoer as 10 liter per minuut waar die dinamiese waterdruk hoer is as 200kpa by die stort beheerklep en waar die loodgieter ontwerp is om die waterdruk te balanseer op die warm en koue water voorraad tot by die stort beheerklep;
 - (b) 'n kraan op die Waskom met 'n maksimum vloeitempo wat 6 liter per minuut oorskry;
 - (c) 'n spoelbak en verwante pan ontwerp om sodanige spoelbak te bedien, waar die spoelbak kapasiteit hoer as 6 liter is nie;
 - (d) 'n spoelbak bedoel vir gebruik wat nie voorsien is van 'n spoel meganisme wat onderbrekende en veelvoudige vloeit toelaat, uitsluitend 'n spoelbak met 'n kapasiteit van 4,5 liter of minder; en
 - (e) 'n urinal wat nie gebruiker geaktiveerd is nie.

- (2) Alle spoel urinale wat nie verbruiker geaktiveerd is nie geïnstalleer voor aanvang van hierdie verordeninge moet binne drie jaar van die uitvaardiging van hierdie verordeninge omskep word na gebruiker geaktiveerde urinale.

Voertuig was fasiliteite en kommersiële wassery fasiliteite

58. 'n Kommersiële voertuig-was fasiliteite of wassery fasiliteite opgerig na uitvaardiging van hierdie verordeninge moet opgerig en bedryf word op sodanige wyse dat ten minste 50% van die watergebruik by so 'n fasilitet hersirkuleer word vir herverbruik in daardie fasilitet.

Toeslag

59. 'n Toeslag soos deur die Raad goedgekeur, word gevoeg by elke rekening wat nie voor of op die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is, by die raad se kantore betaal is nie, of die eerste dag waarop die raad se kantore oop is, as die 15de op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag val.

CENTRAL KAROO DISTRICT MUNICIPALITY

WATER SUPPLY BY-LAWS

INDEX

	Page
1. Definitions	1
2. Demand for water	2
3. Supply of water	3
4. Council not obliged to provide a water connection	4
5. Connection for building purposes	4
6. Water connection only by council officials	4
7. Compulsory municipal water supply within the municipality	4
8. Water connection with other water sources	5
9. Private connections	5
10. Separate occupation	5
11. Only one water connection per property	5
12. Single connection – existing buildings	5
13. Compulsory use of water meter	6
14. Water meters and accessories supplied by the council	6
15. Placing of water meter	6
16. Repairs and replacement of water meters	6
17. Water meter registering incorrectly	6
18. Average consumption – meters out of order	7
19. Calculations of deposits	7
20. Quantity of water registered and payment applicable therefore	8

21.	Forwarding of documents	8
22.	Access and inspection by officials	9
23.	`Obstruction of officials	9
24.	Refusal of information	9
25.	Waste, misuse or contamination of water	9
26.	Steps to prevent wastage	9
27.	Interruption and/or inadequate supply	10
28.	No responsibility to maintain a specific water pressure	10
29.	Water supply to sites on higher levels	10
30.	Overtaxing supply system	10
31.	Disruption in water supply system	10
32.	Damage to council works	10
33.	Unauthorised connection	11
34.	Unauthorised linking to water connection	11
35.	Consumer stopcock	11
36.	Delay to repair private water distribution system	11
37.	Recovering of costs by council	11
38.	Vacation and occupation of property	12
39.	Curtailing – water supply	12
40.	(1) Special agreement for water supply	13
40.	(2) Termination of agreement	13
41.	Onus on consumer	13
42.	Sale by consumer forbidden	13
43.	Cutting-off of supply	13
44.	Restriction, contamination and corrosion	13

45.	Depth, cover and position of pipes	14
46.	Stand pipes and exterior pipes	14
47.	Underground containers	14
48.	Special water restriction	14
49.	Onus of proof in council records	14
50.	Metered and unmetered extinguisher supply	15
51.	Water-pressure gauge for fire-extinguisher system	16
52.	Approval water fire-extinguisher system	16
53.	Official documents	16
54.	Penalty for infringements of by-law	16
55.	Application of by-law	16
56.	Levies	17
57.	Showers, hand wash basins and public urinals	17
58.	Car washing facilities and commercial laundry facilities	18
59.	Surcharge	

**CENTRAL KAROO DISTRICT MUNISIPALITY
WATER SUPPLY BY-LAWS**

Definitions

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:-

“owner” means and includes:

- (a) the person or persons with whom the legal proprietary of any fixed property is vested;
- (b) the person administering an estate as curator, executor, proxy or administrator of a person with whom the legal title is vested and who is insolvent or dead or of his mind;
- (c) the agent or persons receiving the rental of a property in question in cases where the owner as described above is away;
- (d) the tenant of the property in a case where it has been leased for fifty years or more;
- (e) the usufruct of fixed property; or
- (f) the fiduciaries of fixed property;

“property” includes land, erf, site, building or portion thereof;

“metered connection” a water connection through which the quantity of water flows is measured or can be measured;

“medical health officer” the person appointed by the council in this capacity or acting in this position or authorized by the council to act on his behalf;

“main water plumbing” any pipe, aqueduct or other work under the exclusive control of the council and used by the council for the purpose of conveying water to consumers, but does not include any water connection as described herein;

“identity document” the document referred to in the Act on Identification, 1997 (Act 68 of 1997);

“inspector of authorized official” the municipal manager, city engineer, chief financial officer, health officer or any person appointed by the council in connection with the application or execution of this by-law or any person authorized by the mentioned officers in terms of the council’s delegation to act on their behalf;

“calendar month” any month, irrespective of the number of days, commencing immediately after 12 o’clock midnight on the last day of the preceding month to 12 O’clock midnight on the last day of the month in question;

“agreement” a document to be completed and signed by the consumer in a form prescribed by the council from time to time;

“municipality” the area under the jurisdiction of the council;

“municipal water-reticulation or water-supply” any pipe, meter, stopcock or any other apparatus or equipment which is the property of or directly under the control of the council or which can be used to supply water to a consumer;

“private water distribution system” any water reticulation on any property or in any private building not the property of the council or not falling under the control of council, but through which water supplied by the council flows or is able to flow;

“municipal manager” the person appointed by the council in that capacity or any person legally acting in his position or authorized by the council to act on his behalf;

“city engineer” the person appointed by the council in this capacity or any person legally acting in this position or authorized by the council to act on his behalf;

“chief financial officer” the person appointed by the council in that capacity or acting in this position or authorized by the council to act on his behalf;

“consumer” any person, public body, company or co-operation entitled to the supply of water or obliged to use water supplied by the council;

“month of consumption” the period between two dates upon which a meter is read, with a maximum of twelve readings per annum;

“water connection” a pipe laid from the main water reticulation to the property of any owner or consumer up to the exit of the meter, including all fittings and meters;

“meter” any appliance authorized by the city engineer to measure the quantity of water flowing through; and

“council” the Beaufort West Municipality.

Demand for water

- 2.(1) Any owner or consumer who desires to be supplied with water by the council applies to the council on the prescribed form obtainable at the office of the chief financial officer in terms of the provisions of any Acts, by-laws, tariff schedules and conditions contained in the by-laws, as approved by the council from time to time.
- (2) The purpose for which the supply is requested may not be altered before the chief financial officer is advised thereof in writing.
- (3) The applicant must produce an identity document at the signing of the agreement. Should the applicant not be a South African citizen a valid passport must be furnished.
- (4) After the authorized official has agreed to the provision of water, the applicant must sign an agreement. No water is supplied before this agreement has been signed and the deposit referred to in section 19 of this by-law has been paid.

- (5) If water is required for building purposes, excluding smaller alterations or additions to existing buildings, application for a separate water connection must be made for each property against payment of the prescribed charges.
- (6) No person may remove water or cause or allow it to be removed from his site or property for use elsewhere, except with the prior permission of the city engineer.
- (7) The council reserves the right to require form the owner or consumer to install additional meters in order to measure consumption for different purposes or from diffirent consumers.
- (8) Only natural persons above the age of 21 years and/or who are of legal capacity may conclude an agreement with the council.
- (9) Insolvent and other persons who are not of legal capacity may only conclude an agreement with the permission and assistance of his/her curator or legal guardian, provided such curator or guardian accepts to settle the full account in the event of default.
- (10) If the owner/consumer is not a natural person, an authority to conclude an agreement must be presented.
- (11) An identity document must be submitted personally with the signing of the agreement.
- (12) It is not required from parties in community of property that both parties sign the agreement but both parties are held liable separately and jointly for payment of the account.

Supply of water

- 3.(1) After the provisions of this by-law have been met, the council provides a connection.
- (2) The placing of the connection is determined by the city engineer. The council has the authority to determine or to limit the size of any water connection.
- (3) All fittings of a private distribution system supplied, installed and maintained in good order at the cost of the owner or consumer.
- (4) The whole of the municipal distribution system which does not form part of the private water-distribution system is laid by and maintained at the cost of the council.
- (5) Should the agreement referred to in section 2 (4) be terminated, the council may cut-off the supply in question and remove the meter.

Council not obliged to provide a water connection

- 4.(1) The council is not obliged to provide a water connection or to ensure a supply of water to a property within a specific period of time after submission of an application for supply to the chief financial officer.
- (2) The order in which connections are undertaken is determined solely by the city engineer.

Connection for building purposes

- 5.(1) Before a connection is made for building purposes the applicant must pay the cost of supply and installation as determined by the council by special resolution.
- (2) Payment will only be accepted upon provision of a certificate from the medical health officer to the effect that his requirements in respect of the provision of sanitary facilities on the building site are adequate.
- (3) If approved by the city engineer, a similar connection as supplied for the permanent supply of a property may be used in terms of this by-law, but no connection in respect of such a permanent supply may be made before the procedure prescribed in section 2 has been met.

Water connections only be council officials

6. Only an authorized official of the council or a contractor approved beforehand by the chief: civil services may take a connection to a main water-reticulation.

Compulsory municipal water-supply within the municipality

7. Subject to this by-law each owner of a property which is occupied permanently or temporarily obtains water from the council for human consumption, provided the council agrees to provide a supply.

Water connection with other water sources

- 8.(1) No person may make any connection between any main wherein municipal water flows or is able to flow and any private well, borehole, fountain or any other source of supply or allow it to be constructed or to exist.
- (2) No person may allow any rain-water or storm-water to come into contact or mix with any storage-tank, container or water-main used or is able to be used for water which is supplied by the council.

Private connections

9. No property may be connected to a private distribution system of another property.

Separate occupation

10. If portions of a building are occupied separately, the supply of water to the property or portions thereof is made subject to the following stipulations:
 - (1) If the owner of a group or cluster buildings undertakes to pay for the water supplied, the city engineer has the authority to allow the supply of water to the group or cluster buildings by means of one connection.
 - (2) When more than one building or portion of a building is served from one connection, a separate stopcock to each building or portion of a building must be provided by the owner in order that the supply to such a building or portion be provided by the owner in order that the supply to such a building or portion of a building may be cut-off without interrupting the supply to the other consumer points. The stopcock before the water meter is the property of the council and is out of bounds for the owner/public.

Only one water connection per property

11. Properties not covered by the stipulations of section 10 of; this by-law are not entitled to a supply by way of more than one connection, with the understanding that, it may be allowed by the city engineer only, if it appears to him that hardship or serious discomfort or other similar circumstances otherwise may arise.

Single connection – existing buildings

12. In cases where existing buildings are provided with water by way of a single connection and it is deemed necessary to undertake a removal, alteration or extention of a communal pipe inside the buildings or boundaries of the buildings or ;if a change of owner of a building which previously formed part of a block or row of buildings which belonged to one owner takes place, each owner affected by the exchange must apply to the council for a separate connection.

Compulsory use of water-meter

13. All water supplied by the council must flow through a municipal meter.

Water-meters and accessories supplied by the council

14. All meters taps, meter boxes, pipes and other fittings supplied by the council in terms of this by-law, remain the property of the council and fall under the control of the city engineer at all times.

Placing of water-meter

 - (b) word, indien hy nie gedurende die ooreenstemmende tydperk in subartikel (a) genoem die perseel bewoon het nie, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die drie maande wat die laaste datum waarop daar bevind is dat die meter huis registreer voorafgegaan het;
 - (c) word, indien hy gedurende die hele tydperk in subartikel (b) genoem, nie die perseel bewoon het nie, van 'n voorlopige rekeningstaat soos bepaal in artikel 7 voorsien, of
 - (d) word, indien die defektiwiteit van die meter te wyte is aan 'n tegniese fout of 'n faling van watter aard ook al, gedebiteer op die grondslag van sy verbruik gedurende die eerste drie maande nadat die defektiewe meter herstel is of deur die lees van die geheue van 'n begrotingsmeter as bases vir die geraamde aansuiwering.
- (2) Indien daar vasgestel kan word dat die meter vir 'n langer tydperk as die meterleestydperk in subartikel (1) genoem, onjuis geregistreer het, kan die verbruiker gedebiteer word met die bedrag ooreenkomsdig die genoemde subartikel bepaal vir 'n langer tydperk; met dien verstande dat geen bedrag aldus gedebiteer mag word nie ten opsigte van 'n tydperk langer as een jaar wat die datum waarop daar bevind is dat die meter onjuis registreer, voorafgegaan het.
- (3) Enige bedrag wat deur die verbruiker kragtens subartikels (1) en (2) verskuldig is, word deur hom betaal binne tien dae nadat hy skriftelik deur die raad aangesê is om dit te doen of die verbruiker word sonder versuim gekrediteer met enige bedrag wat y te veel betaal het.

Afsluiting van toevoer

11.(1) Die raad het die reg om 'n verbruiker se toevoer onder die volgende omstandighede af te sluit:

- (a) indien die verbruiker versuim om 'n verskuldige bedrag vir verbruik voor of op die betaaldatum in die rekeningstaat vermeld te betaal;
- (b) in die geval van 'n ongemagtigde aansluiting of heraansluiting van 'n installasie by die verbruikersaanluiting of die elektrisiteitstoewer;

- (c) in die geval van die onbehoorlike gebruik van elektrisiteit wat die doeltreffendelewering van elektrisiteit aan 'n ander verbruiker belemmer of daarop bereken is om dit te belemmer;
 - (d) in die geval van die herverkoop van elektrisiteit vir gebruik op 'n ander perseel;
 - (e) in die geval van die ongemagtigde verwydering of skeiding van 'n seël of slot wat deur die raad op enige meter, dienssekering, diensstroombreker of ander soortgelyke apparaat geplaas is;
 - (f) in die geval van die ongemagtigde bemoeiing of peutering met of die beskadiging van'n verbruikersaansluiting of enige gedeelte daarvan, of
 - (g) in die geval van oortreding van enige ander voorsieningsvoorwaardes.
- (2) Die verskuldigde bedrag asook dide gelde betaalbaar vir die afsluiting en heraansluiting van die toevoer, ooreenkomsdig die dienstarief, is betaalbaar alvorens die toevoer herstel sal word.
- (3) Die raad kan sonder kennisgewing die toevoer van enige installasie tydelik afsluit met die doel om herstelwerk of inspeksie te doen, of om toetse uit te voer, of enige ander doel wat in verband staan met sy verspreidingsnetwerk of enige ander werke.

*Verwydering van verbruikersaansluiting vir die doel van
slopings of veranderings aan geboue*

- 12.(1) Enigiemand wat verlang dat 'n bestaande verbruikersaansluiting verwijder moet word, moet die hoof: elektrotegniese dienste in kennis stel, deur voltooiing van die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die departement. Gelde betaalbaar vir die verwijdering van sodanige aansluiting is ooreenkomsdig die dienstarief.
- (2) Waar 'n kabelverbruikersaansluiting verwijdering is ooreenkomsdig subartikel (1) en 'n kabelverbruikersaansluiting vir 'n nuwe of veranderde gebou benodig word, word dit beskou as 'n nuwe kabelverbruikersaansluiting.
- (3) Die raad moet op aansoek deur 'n verbruiker, in 'n vorm deur die hoof: elektrotegniese dienste voorgeskryf, die toevoer afsluit en dit heraansluit na betaling van geld ooreenskomstig die dienstarief.

Ongeoorloofde aansluiting

13. Niemand, behalwe 'n werknemer wat deur die raad gematig is, mag enige installasie by die verbruikersaansluiting of die verspreidingsnetwerk aansluiting of heraansluiting, of poog om dit te doen nie.

Onwettige gebruik

14.(1) Toevoer waarvoor daar 'n heffing van tyd tot tyd deur die raad bepaal is en wat deur 'n meter of stel meters gemeet word, mag vir geen doel gebruik word waarvoor daar 'n hoër heffing bepaal is nie.

(2) Sonder die skriftelike toestemming van die raad mag geen elektrisiteit deur hom gelewer, gebruik word nie tensy dit deur die meter, wat aan die elektriese installasie gekoppel is, gegaan het nie.

Herverkoop van elektrisiteit

15. Niemand vekoop of lewer elektrisiteit wat deur die raad op 'n bepaalde perseel gelewer word, vir verbruik op 'n ander perseel as die ten opsigte waarvan sodanige voorsiening gemagtig word, of laat toe dat sodanige verkoop of lewering geskied nie en waar sodanige elektrisiteit vir verbruik op dieselfde perseel herverkoop word:-

- (1) moet sodanige elektrisiteit, ten opsigte van elke koper, gemeet word deur 'n submeter van 'n sort wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde goedgekeur is, asook sodanige vereistes wat van tyd tot tyd deur die hoof: elektrotegniese dienste bepaal mag word. Submetertoerusting moet gehuisves word in akkommodasie wat afsonderlik is van die akkommodasie wat vir die raad se meettoerusting voorsien word;
- (2) is die raad nie aanspreeklik vir enige onjuistheid of ander gebrek in enige submeter nie, of die Raad sodanige submeter of die installasie daarvan goedgekeur het al dan nie;
- (3) mag die tariewe en verkoopvoorwaardes waarteen elektrisiteit aldus herverkoop word, nie minder gunstig vir die verkope wees nie as die wat betaalbaar en van toepassing sou gewees het indien die koper regstreeks deur die raad van elektrisiteit voorsien was, of
- (4) elke sodanige koper is daarop geregtig om te eis dat die verkoper hom van alle sodanige rekeninge, dokumente en ander inligting voorsien wat nodig mag wees om hom in staat te stel om te bepaal of die rekeninge deur hom ontvang, korrek is.

Inspeksie en toetse

16.(1) Die hoof: elektrotegniese dienste kan op eige redelike tydstip, of in noodgevalle te eniger tyd, of op versoek van die eienaar of die verbruiker, enige perseel betree en enige gedeelte van die verbruikersaansluiting of installasie daarop vir enige doel inspekteer of toets, insluitende die doel om vas ste stel of daar 'n oortreding van hierdie verordening of ander toepaslike wetgewing begaan is of begaan word. Die voorgeskrewe gelde ooreenkomsdig die dienstarief is betaalbaar indien die inspeksie of toetsing op versoek van die eienaar of verbruiker uitgevoer word. Die eienaar of verbruiker moet, wanneer hy daartoe versoek word, enige dier, grond, stene, klip, houtwerk of ander voorwerp wat enige gedeelte van die verbruikersaansluiting of elektriese insallasie versper of bedek, sonder koste vir die raad verwyder ten einde die inspeksie of toets moontlik te maak.

- (2) Enige werk of herstelwerk wat in opdrag van die hoof: elektrotegniese dienste uitgevoer moet word na afhandeling van die inspeksie of toets, moet in alle opsigte voldoen aan die Installasie Regulasie sonder koste vir die raad.

Installasie en bedrading moet voldoen aan wetgewing

17. Elke installasie, die bedrading daarvan en enige byvoeging daartoe of verandering daarvan moet voldoen aan die Installasie Regulasies. Die tovoer kan sonder enige kennisgewing gestaak word, indien die installasie nie aan die Installasie Regulasies voldoen nie.

Aanspreeklikheid van die raad

18. Die raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade of verlies voortspruitend uit of wat verband hou met die installering van 'n installasie of enige wysiging of toevoeging daartoe, of wat voortspruit uit die toestand van 'n elektriese installasie.

Toevoerpunt

19. Die toevoerpunt word deur die hoof: elektrotegniese dienste bepaal en moet, behalwe waar hy andersins vereis en goedkeur, soos volg wees:

- (a) in die geval van 'n ondergrondse distribusiestelsel, by die distribusie- of meterkas op 'n sypaadjes of perseel geleë, waarvandaan die toevoer aan die verbruiker se perseel verskaf word;
- (b) in die geval van 'n bogrondse distribusiestelsel, by die klemme van die raad se toevoerkabel of op die verbruiker se meterbord waarop die meettoerusting geïnstalleer is, of op sodanige ander meterbord wat, volgens die oordeel van die hoof: elektrotegniese dienste, geplaas moet word op die grens van die verbruiker se perseel of by 'n punt op die perseel soos ooreengekom;
- (c) in die geval van 'n grootmaat toevoer, by die klemme van die raad se skakeltuig wat die verbruiker se perseel voorsien en
- (d) in die geval van 'n begrotingsmeter:
 - (i) indien die toevoer deur 'n ondergrondse kabel voorsien word, by die uitgangsklemme van die stroombreker by die distribusie- of meterkas op die sypaadjie of erfsgrens, of
 - (iii) indien die toevoer deur 'n oorhoofse (bogrondse) distribusiestelsel geskied, by ide uitgangsklemme van die hoofstroombreker by die paal.

Verbruikersaansluiting

- 20.(1) Die eienaar van die betrokke perseel moet, in die vorm soos deur die hoof: elektrotegniese dienste voorgeskryf, aansoek doen om die installasie of herinstallasie van 'n verbruikersaansluiting.
- (2) 'n Verbruikersaansluiting word op die eienaar se onkoste geïnstalleer en die koste daarvan, ooreenkomsdig die dienstarief, moet aan die raad betaal word, voordat toevoer gemagtig word.
- (3) Elke gedeelte van die verbruikersaansluiting bly die eiendom van die raad.
- (4) Ondanks die feit dat die verbruikersaansluiting by 'n goedgekeurde elektriese installasie reeds voltooï mag wees, kan die raad na sy goeddunke weier om elektrisiteit aan daardie installasie te lewer totdat alle bedrae deur dieselfde verbruiker aan die raad verskuldig, ten opsigte van daardie of enige ander verbruikersaansluiting, op dieselfde perseel al dan nie, betaal is.
- (5) In die geval ondergrondse verbruikersaansluitings kan die raad van die verbruiker vereis om op eie koste, goedgekeurde afsonderlike pype of kanale te voorsien en te installeer vanaf die meterpunt in die gebou tot op die erfsgrens.
- (6) Die raad kan, behoudens enige voorwaardes wat hy mag ople, meer as een verbruikersaansluiting aan dieselfde perseel verskaf onderworpe daaraan dat die meerdere verbruikersaansluitings nie onderling verbind mag word nie.
- (7) Die aansoeker om 'n verbruikersaansluiting moet, voordat daar met die werk 'n aanvang gemaak word, die raad van sodanige vrywaring voorsien as wat die raad mag spesifiseer en die hoof: elektrotegniese dienste kan weier om 'n verbruikersaansluiting te voorsien, totdat hy daarvan oortuig is dat niemand daartoe geregtig is om teen sodanige installasie beswaar te maak nie.
- (8) (a) Waar verskillende tariewe van toepassing is ten opsigte van die verskaffing van elektrisiteit aan dieselfde perseel, word afsonderlike stroombane voorsien en gemeet en waar dit nie gedoen word nie, is die hoogste tarief van toepassing.
- (b) Die verskaffing van elektrisiteit vir gemeenskaplike gebruik op die perseel ten opsigte van terreine, gange, trappe, badkamers, toilette en ander soortgelyke gebruik, geskied by wyse van 'n afsonderlike stroombaan meter.

Beperking van grootte van motors

- 21.(1) Waar die raad se laespanningsleweringstelsel bestaan uit driefasige vierdraad wisselstroom, kan motors tot en met 2.2 kW gewikkel wees vir spanings soos voorgeskryf in die Elektrisiteitswet, 1987. Alle groter laespanningsmotors moet gewikkel wees vir drie fase by 380 volt.

(2) Aansitstroom van motors:

- (a) Tot en met 2.2 kW; 7 maal die ontwerpstroom op vollas.
Bo 2.2 kW tot en met 7.5 kW; 4 maal die ontwerpstroom op vollas.
Bo 7.5 kW tot en met 15 kW; 3 maal die ontwerpstroom op
Vollas.
Bo 15 kW; 2 maal die ontwerpstroom op vollas.
- (b) Tensy anders bepaal deur die hoof: elektrotegniese dienste, moet in die geval van motors met 'n vermoeë bo 55 kW 400/231 V driefase, die aansitstroom tot 1.25 maal normale vallasstroom beperk word.
- (c) Alle elektriese beveilingstoerusting vir meerfasige motors moet van so 'n ontwerp wees dat op doeltreffende wyse verhoed word dat enkelfasige werking kan plaasvind.
- (d) Die aansitstroom van hoëspanningsmotors word deur die hoof: elektrotegniese dienste volgens omstandighede bepaal. Tensy anders bepaal deur die hoof: elektrotegniese dienste, moet die totale aansitstroom van driefasige 400/231 V motors beperk word tot 1.5 maal die vollasstroom van die transformator wat die motors voer.
- (e) Die aansitstroom waarna in subartikels (a), (b) en (d) verwys word dien slegs as gids vir die maksimum-aansitstroom toelaatbaar vir enige motor wat by die raad se leweringstelsel aangesluit staan te word en is nie vir die raad bindend nie.
- (f) Die raad kan te eniger tyd van 'n verbruiker verlang dat hy goedgekeurde stappe moet doen om die aansitstroom van enige motor of motors in 'n installasie te verminder indien hy dit nodig of wenslik ag, uit die oogpunt van ander verbruikers, of van oormatige belasting op die raad se hoofleidings of weens die aansitfrekwensie.

Versetelde apparaat

22. Waar enige seël of slot deur die raad op enige meter, dienssekering dienstroombreker of ander soortgelyke apparaat geplaas is, of dit aan die raad behoort al dan nie, mag niemand behalwe 'n gemagtigde werknemer van die raad, om enige rede hoegenaamd sodanige seël of slot verwijder, breek skend of hom andersins daarmee bemoei nie.

Peutering

23. Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd enige verbruikersaansluiting verf, skend, daarmee peuter of hom daarmee bemoei nie en slegs 'n gemagtigde beampete van die raad kan enige verstel- of herstelwerk daarvan verrig.

Aanspreeklikheid

- 24.(1) Die eienaar van die perseel of die verbruiker is aanspreeklik om die raad vir enige skade aan die verbruikersaansluiting of enige gedeelte daarvan of aan enige ander apparaat van die raad op die perseel, te vergoed, tensy sodanige skade te wye is aan nalatigheid aan die kant van die raad.
- (2) Indien die kabel of enige ander gedeelte van 'n verbruikersaansluiting beskadig word, moet die verbruiker die hoof: elektrotegniese dienste, sodra hy daarvan bewus word, in kennis stel en die hoof: elektrotegniese dienste of 'n persoon deur hom gemagtig, moet die skade herstel.

Soort toevoer

25.(1) Die volgende leweringstelsel bestaan op die raad se distribusienetwerk:

- (a) Enkelfasige wisselstroom, 231 volt spanning 50 Hz
 - (b) Driefasige wisselstroom, 400 volt spanning 50 Hz.
 - (c) Hoëspanningslewering teen verklaarde spanning.
- (2) Die hoof: elektrotegniese dienste beslis in enige besonderhede geval of lewering kragtens subartikel (1)((a), (b) of (c) hierbo moet geskied en sy beslissing word gebaseer op die volgende:
- (a) of sodanige lewering in die betrokke gebied beskikbaar is;
 - (b) of 'n toekomstige verandering in die lewering in die betrokke gebied verwag word; of
 - (c) waar die aangeslotte aanvraag op die perseel meer as 50kV.A is, en die vermoë van die raad se laagspanningsverspreidingsnet oorskry, kan die hoof: elektrotegniese dienste van die verbruiker vereis dat hy sy kragvoorsiening van die hoofspanningshoofleidings afneem (wat normaalweg getransformeer word tot 'n lewering van 400/231 volt) of deur middel van die raad se toerusting (die koste waarvan deur die verbruiker gedra word) of deur middel van die verbruiker se toerusting.
- (3) In sy beslissing of 'n verbruiker verplig moet word om sy lewering van die hoofspanningsgeleidings te neem, moet die hoof: elektrotegniese dienste ook in ag neem ekonomiese en tegniese oorwegings wat voortspruit uit die bestaande en moontlike toekomstige bealstings en bedryfstoestance van die betrokke netwerk, asook enige ander tersaaklike faktore, met insluiting van dié wat voortspruit uit die bestaande en waarskynlike toekomstige aard van die verbruiker se belasting.

Akkommodasie van diens

- 26.(1) Wanneer die raad dit vereis, verskaf die verbruiker op sy eie koste 'n meterkamer of substasie van goedgekeurde ontwerp vir die raad se uitsluitlike gebruik, op 'n goedgekeurde plek op die verbruiker se perseel.
- (2) Waar 'n substasie op die verbruiker se perseel opgerig is ingevolge subartikel (1) behou die raad die reg voor om elektrisiteit vanaf die geïnstalleerde toerusting ook aan ander verbruikers te lewer.
- (3) Ten einde die raad in staat te stel om toerusting oor of op die verbruiker se eiendom op te rig, aan te lê, of te installeer in verband met elektrisiteitstoever vir die verbruiker op die eiendom en aan ander verbruikers, moet die verbruiker gratis aan die raad vir 'n onbepaalde tydperk 'n reg of regte van weg verleen langs 'n roete waaroor daar ooreengekom moet word en wat so reguit moontlik moet wees.
- (4) Indien die verbruiker nie die eienaar van die eiendom is nie, moet hy sodanige regte van weg gratis ten gunste van die raad verkry.
- (5) Indien 'n verbruiker die raad versoek om enige verandering aan die raad se bogrondse lyne, kabels of ander toerusting aan te bring of om enige van sy toerusting te verplaas of te verwijder, moet die verbruiker die koste van sodanige verandering, verplasing of verwijdering aan die raad vooruit betaal.

Instandhouding van installasie

27. Die eienaar van 'n perseel moet alle tye en tot bevrediging van die hoof: elektrotegniese dienste enige installasie op sodanige perseel wat aan die toever gekoppel is in 'n goeie toestand en werkende orde hou ooreenkomsdig die veiligheidsvereistes soos voorgeskryf in die Wet op Beroeps gesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

Beheerapparaat, lasvermindering en onderbreking van toevoer

- 28.(1) Die raad mag 'n beheerstelsel aan enige waterverwarmer, ruimteverwarmer van die opgaarsoort of aan enige ander apparaat installeer en te eniger tyd die genoemde apparaat, vir sodanige tyd as wat nodig geag word, afskakel.
- (2) Ten tye van spitslas of in noodgevalle, of wanneer volgens die mening van die hoof: elektrotegniese dienste, dit vir enige voldoende rede nodig of wenslik mag wees om die las op die voorsieningstelsel te verminder mag die raad, sonder kennisgewing, die toevoer onderbreek vir so 'n tydperk as wat die hoof: elektrotegniese dienste dit nodig mag ag.
- (3) Die raad sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies of skade, regstreeks of

onregstreeks, wat ontstaan as gevolg van so 'n onderbreking van toevoer nie.

Belemmering van werknemers

29. Niemand mag -

- (1) 'n inspekteur of gemagtigde amptenaar van raad hinder belemmer of hom lasting val in die uitvoering van enige plig ingevolge hierdie verordening nie;
- (2) weier om sodanige inligting te verskaf as wat die raad redelikerwys mag verlang nie;
- (3) aan die raad enige inligting verskaf wat, na sy wete, vals of misleidend is nie, of
- (4) 'n inspekteur of gemagtigde amptenaar van die raad op enige wyse hoegnaamd verhoed of belemmer om gedurendenormale werksure, vry en onbelemmerde toegang tot 'n meter te verkry om die nodige meterlesings te bekom nie.

Kragontwikkeling

- 30.(1) Niemand mag sonder die skriftelike goedkeuring van die hoof: elektrotegniese dienste, op enige wyse hoegenaamd, krag op 'n perseel ontwikkel nie, hetsy vir eie gebruik of verbruik deur ander.
- (2) indien die goedkeuring bedoel in subartikel (1) hierbo verkry is, mag krag wat aldus ontwikkel word onder geen omstandighede by 'n elektriese installasie wat met die raad se toevoer verbind is, aangesit word nie, behalwe deur middel van 'n goedgekeurde oorskakelaar.

Voldoende beveiliging

- 31.(1) Elke verbruiker moet verseker dat sy installasie voldoende beveiligingstoestelle insluit om beskadiging te verhoed:
- (a) van genoemde installasie as gevolg van steuring in die raad se stelsel, en
 - (b) van die raad se stelsel as gevolg van foute in genoemde installasie.
- (2) Die verbruiker moet nie onder enige omstandighede aanvaar dat enige beveiligingstoestel wat deur die raad voorsien word, geskik is of bedoel is om die verbruiker se elektriese installasie of apparaat te beveilig nie.

Ongereelde toevoer

- 32.(1) Behoudens die bepalings van artikel 26 van die Elektrisiteitswet, 1987 is die raad nie aanspreeklik in die gevolge vir die verbruiker of enige ander persoon van enige

staking, variasie, stuwing of gebrek aan elektrisiteit, tensy dit aan die nalatigheid van die Raad toegeskryf kan word nie.

- (2) Indien 'n onderbreking van die toevoer skade aan die verbruiker se uitrusting of besigheid kan veroorsaak, moet hy die nodige voorsorgmaatreëls tref om hom teen sodanige moontlike skade te beskerm.

Kennisgewings

33. Enige kennisgewing of ander dokument wat die raad ingevolge hierdie verordening uitreik, word geag aldus uitgereik te gewees het indien dit deur die hoof: elektrotegniese dienste, die hoof finansiële beampte of die municipale bestuurder onderteken is of deur sodanige ander beampte aan wie enigeen van hulle magtiging mag verleen om namens hom te teken.

Betekening van dokumente

34. Enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordening aan 'n persoon gegee of gestuur word, kan gegee of gestuur word deur die oorspronklike daarvan op een van die volgende maniere af te lewer:
- (1) oorhandiging daarvan aan sodanige persoon persoonlik of aan sy behoorlik gemagtigde agent;
 - (2) deur sodanige voorskrif kennisgewing of dokument te versend per vooruitbetaalde gesertifiseerde of geregistreerde pos, aan sy laasbekende huisadres, besigheidsadres of posbusnommer;
 - (3) oorhandiging daarvan aan 'n persoon oënskynlik bo die ouderdom van sestien jaar, op die eiendom wat behoort aan of bewoon word deur die persoon op wie die bestelling moet geskied;
 - (4) indien geen sodanige persoon gevind kan word nie, deur die voorskrif, kennisgewing of dokument op 'n ooglopende plek op die eiendom te plaas;
 - (5) indien 'n persoon 'n domicilium citandi et executandi gekies het, die stuk by sodanige adres op een van bogenoemde maniere af te lewer, of
 - (6) enige voorskrif, kennisgewing of dokument wat kragtens hierdie regulasies aan die eienaar of bewoner van die eiendom afgelewer moet word kan aan die "eienaar" of "bewoner" van die betrokke eiendom geadresseer word sonder die eienaar of bewoner se naam of enige beskrywing.

Oortredings en strawwe

- 35.(1) Elkeen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan misdryf skuldig en by skuldigbevinding deur 'n hof strafbaar met'n boete en/of gevangennisstraf.
- (2) Dit word geag dat die bewoner, of indien daar geen bewoner is nie, die eienaar van enige perseel wat van elektrisiteit voorsien is en waarop 'n oortreding kragtens hierdie verordening begaan word, aan daardie oortreding skudig is, tensy hy bewys dat hy bewys dat hy nie geweet het en nie deur die beoefening van redeliker ywer, kon geweet het dat dit begaan word nie, en dat dit deur 'n persoon begaan is oor wie hy geen beheer gehad het nie.
- (3) Iedereen wat die bepalings van artikel 14 oortree en wat gevolglik nie vir elektrisiteit wat gebruik is gedebiteer is nie, of gedebiteer is vir sodanige elektrisiteit teen 'n tarief laer as dié waarteen hy gedebiteer moes word, is ondanks enige straf wat ingevolge hierdie verordening opgelê mag word, aanspreeklik om aan die raad die bedrag te betaal wat betaalbaar sou gewees het indien genoemde oortreding nie begaan is nie, en sodanige bedrag word bereken teen die hoogste heffing waarvoor die betrokke tarief voorsiening maak, vanaf die datum waarop die oortreding oorspronklik plaasgevind het.
- (4) Behoudens die kostbevel van 'n bevoegde hof, kan die koste wat die raad aangaan om enige bedrag wat enige persoon ingevolge hierdie verordening aan die raad verskuldig is te verhaal of probeer verhaal, van sodanige persoon verhaal word.

Toeslag

36. 'n Toeslag soos deur die raad goedgekeur, word gevoeg by elke rekening wat nie voor of op die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is, by die raad se kantore betaal is nie, of die eerste dag waarop die raad se kantore oop is, as die 15de op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag val.

Arbitrasie

37. indien 'n geskil of kwessie is eniger tyd tussen die voorsieningsowerheid en die verbruiker ontstaan oor die uitleg, betekenis of uitwerking van hierdie verordening of oor die regte verpligte van aanspreeklikhede van beide partye daar kragtens, word sodanige geskil of kwessie of aageleentheid of ding wat aldus aan ooreenkoms of aanpassing onderworpe is, by arbitrasie besleg op die wyse waarop daar ooreengekom word, en by gebreke daarvan in gevolge die bepalings van die Arbitrasiewet 1965 (Wet 42 van 1965), soos gewysig.

Foutiewe Vooruitbetaalde meter

38. Waar 'n rekenaarprogram by die verkoop van koopkrag foutief sou raak en die vooruitbetaaldemeter as gevolg hiervan oorbrug moet word, sal die koste van die eenhede wat gratis gedurende hierdie periode verbruik is, soos deur die Hoof Finansiële Beamppte bepaal, van die verbruiker verhaal word.

CENTRAL KAROO DISTRICT MUNICIPALITY
ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS
INDEX

	Page
1. Definitions	1
2. Application for and conditions of supply	4
3. Consumer agreement and certificate of compliance	5
4. Termination of consumer agreement	6
5. Continuation of supply to new customer	6
6. Deposits	6
7. Accounts	8
8. Metering	9
9. Testing of accuracy of meter	9
10. Inability of a meter to register correctly	10
11. Disconnection of supply	11
12. Removal of consumer connection for the purpose of demolition or alteration to buildings	12
13. Unauthorised connection	12
14. Illegal usage	12
15. Resale of electricity	12
16. Inspection and tests	13
17. Installation and wiring to conform to legislation	13
18. Accountability of the council	14

19. Point of supply	14
20. Consumer connection	14
21. Restriction in size of meters	15
22. Sealed apparatus	16
23. Tampering	16
24. Accountability	16
25. Type of supply	17
26. Accommodation of service	18
27. Maintenance of installation	18
28. Control apparatus, load reduction and interruption of supply	18
29. Obstruction of energy	19
30. Generation of energy	19
31. Adequate protection	19
32. Irregular supply	20
33. Notices	20
34. Serving of documents	20
35. Infringement and penalties	21
36. Surcharge	21
37. Arbitration	21
38. Faulty pre-paid meter	22

SUBSIDIESKEMA VIR DEERNISHUISHOUDEINGS

SENTRALE KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

(MURRAYSBURG DISTRIKSGBIED)

In ooreenstemming met die aangehegte riglyne (Bylaag A) vir 'n subsidieskema vir deernishuishoudings word die volgende subsidieskema, aangeheg as Bylaag B, vir oorweging aan die Raad voorgelê.

Tydens gesprekvoering met die Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuisiging van die Provinciale Administrasie: Wes-Kaap, blyk die volgende inligting van toepassing te wees indien die status van die riglyne onder die loep geneem word:

- # Op nasionale vlak het die Sentrale Regering die inkomsteperk van R940-00 per maand vir 'n huishouding as 'n deernis-huishouding aanvaar, welke huishouding hulp verleen behoort te word om toegang tot basiese dienste moontlik te maak.
- # Hierdie basis word egter nie afgedwing op ander vlakke van regering nie en moet dus as 'n riglyn beskou word.
- # Die huidige billike gedeelte toekenning uit nasionale inkomste (toekenning) is inderdaad op hierdie stadium 'n onvoorwaardelike toekenning aan die Raad met die versoek dat dit vir deernis-gevalle binne die gemeenskap vir toegang tot basiese dienste aangewend word.
- # Die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning is deurlopend besig om hierdie aangeleentheid te ondersoek en kan daar verdere riglyne en/of voorskrifte in die toekoms hieromtrent verwag word.
- # Die bedrag wat aangewend kan word vir deernis-huishoudings word beperk tot die toegekende bedrag en mag dus nie oorskry word nie.

Met hierdie inligting as agtergrond, saamgelees met alle tersaaklike dokumentasie wat as bylaes tot hierdie verslag aangeheg is, word die mening gehuldig dat die riglyne, soos gestel deur die onderskeie owerhede, so ver moontlik eerbiedig behoort te word en wel om die volgende redes:

- (a) Die is onbekend hoeveel huishoudings in die gemeenskap vir hierdie subsidies al kwalifiseer.
- (b) Die sukses van die Deernissubsidie Skema hang grootliks van die suksesvolle funksionering van die Deernis-komitee en die kriteria neergelê vir die oorweging van aansoeke om deelname aan die subsidieskema, af. 'n Aansoek om deelname word aan die hand van die kriteria, soos aangedui in die Beleid vir Deernishuishoudings, oorweeg.

Aangesien die suksesvolle bedryf en bestuur van die subsidieskema afhang in welke mate die raad daarin gaan slaag om 'n beeld van billikheid, regverdigheid en deursigtigheid te skep, is dit noodsaaklik dat die oorweging van aansoeke om deelname aan die subsidieskema met groot erns benader word.

Om uitvoering hieraan te gee, word aanbeveel dat die raad 'n Deernis-komitee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Nr. 117 van 1998). Om deursigheid te bevorder, behoort belastingbetalers soos predikante en welsynwerkers wat agting en respek in die gemeenskap geniet, ook genader te word om op die komitee te dien.

Die doel van die komitee sal dus wees om alle aansoeke om deelname aan die deernissubsidieskema wat voor die sewende van elke maand ontvang word, te oorweeg.

Aangesien hierdie proses as die raad se bydrae tot sosiale en ekonomiese opheffing beskou kan word, sal dit 'n positiewe boodskap na die gemeenskap uitdra as lede van die komitee geen vergoeding ontvang nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die munisipaliteit die toekennings wat vir deernishuishoudings bedoel is, namens minder gegoede verbruikers administreer.

Om die stadstesourier voldoende tyd te laat om goedgekeurde aansoeke te prosesseer, is dit noodsaaklik dat die komitee minstens een keer per maand tussen die vyftiende en twintigste vergader om alle aansoeke om deelname te oorweeg.

Aansoekers om deelname aan die subsidieskema se aandag moet pertinent op die bepalings van afdeling 5 van die Beleid vir Deernishuishoudings gevëstig word. In die betrokke afdeling word die administratiewe procedures breedvoerig uiteengesit en is ook in 'n afsonderlike dokument (Bylaag D) tot beskikking van verbruikers wat van voorneme is om aansoek te doe nom aan die subsidieskema deel te neem.

Uit die aangehegte riglyne blyk dit dat die bedoeling behoort te wees om sekere munisipale dienste, soos water, riooldienste en vullisverwydering, gedeeltelik te subsidieer.

Weens die onsekerheid omtrent die aantal huishoudings wat gedurende 'n jaar mag kwalifiseer vir 'n subsidie, is dit raadsaam, behoudens die beperkings van wetgewing om 'n afsonderlike trustrekening te skep wat as 'n buffer vir addisionele toekennings kan dien asook vir die verhoging van opvolgende jare se subsidies ten einde tariefverhogings te absorbeer.

Vir hierdie doel word aanbeveel dat 'n bydrae soos deur die raad bepaal tot 'n trustrekening gemaak word, bereken op die toegekende bedrag nadat voorsiening gemaak is vir die administrasie van hierdie skema en ander moontlike uitgawes wat op kredietbeheer betrekking het.

Daar is tans ongeveer 650 huishoudings wat maandeliks 'n deernissubsidie volgens een van die volgende grondslae ontvang:

GROEP A:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R0 tot R220 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Riool Vullisverwydering Belasting TOTaal	R 21,60 R 25,54 R 26,50 R 29,00 <u>R 42,50</u> <u>R145,14</u>

GROEP B:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R221 tot R940 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Riool Belasting TOTaal	R 21,60 R 25,54 R 13,25 <u>R 42,50</u> <u>R102,89</u>

GROEP C:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R941 tot R1 880 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Belasting TOTaal	R 21,60 R 25,54 <u>R 42,50</u> <u>R 89,64</u>

Die subsidies word jaarliks deur 'n toekenning van die Sentrale Regering wat bekend staan as 'n Billike Gedeeltelike Toekenning uit Nasionale Inkomste, gefinansier.

Die munisipaliteit het reeds 'n deernissubsidieskema in plek en gevvolglik is daar ook reeds 'n databasis saamgestel wat voortdurend opgedateer word.

Ten tye van die uitreiking van die riglyne vir die implementering van 'n deernissubsidieskema by plaaslike owerhede, was die maksimum inkomstevlak op R1 880 per maand per huishouding vasgestel. Die inkomstevlak was waarskynlik bereken as twee keer die maandelikse ouderdomspensioen wat gedurende 2008 betaal is. Die bedrag is sedertdien nog nie weer die Departement van Staatkundige Ontwikkeling aangepas nie alhoewel die maandelikse ouderdomspensioen-toelaag intussen na R940 verhoog het.

Om ten minste pensioenarisne nie by die skema uit te sluit nie, wat sekerlik destyds die bedoeling was met die vasstelling van die inkomstevlak van R940 per maand, word

saamgestem met die Raad se besluit om die inkomstevlak op R1 880 bruto maandelikse inkomste vas te stel.

Die voorwaardes vir deelname aan die deernissubsidieskema wat as kriteria sal dien met die oorweging van alle aansoeke, word in Bylaag E aangedui.

Om die volle effek van 'n voorsiening vir oninvorderbare skulde, wat deur middel van 'n verhoging in tariewe finansier sal moet word, in 'n mate teen te werk, word aanbeveel dat die gedeelte van die toekenning wat op 30 Junie van elke jaar, nie in die vorm van subsidies aan deernishuishoudings toegeken is nie, nadat die bydrae tot die trustrekening in ag geneem is, na 'n bedryfskapitaalreserwe oorgeplaas word.

Die volgende dokumentasie om die proses stroombelyn te maak, word as Bylaes C en D aangeheg:

Bylaag C:	Aansoek om Deernissubsidie vir Munisipale Dienste
Bylaag D:	Afbetalingsooreenkoms insluitend Beëdigde Verklaring
Bylaag E:	Voorwaardes vir Deernissubsidie

Aanbevelings:

- (a) dat die Subsidieskema vir Deernishuishoudings, aangeheg as Bylaag B, as beleidsdokument aanvaar word vir onmiddellike implementering;
- (b) dat die volgende dokumente as amptelike dokumente vir gebruik tydens die registrasie- en administratiewe proses, aanvaar word:
Aansoek om Deernissubsidie vir Munisipale Dienste (Bylaag C)
Afbetalingsooreenkoms (insluitend Beëdigde Verklaring) (Bylaag D)
Voorwaardes vir Deernissubsidie (aangeheg as Bylaag E);
- (c) dat 'n bydrae soos deur die raad bepaal tot 'n trustrekening gemaak word, bereken op die toegekende bedrag nadat voorsiening gemaak is vir die administrasie van die subsidieskema asook ander moontlike uitgawes wat op kredietbeheer betrekking het, wat as 'n buffer vir addisionele toekennings kan dien en ook vir die verhoging van opvolgende jare se subsidies ten einde tariefverhoudings te absorbeer;
- (d) dat die billike gedeelte van die nasionale toekenning wat op 30 Junie van elke jaar nie in die vorm van subsidies aan deernishuishoudings toegeken is nie, nadat 'n bydrae tot 'n trustrekening gemaak is na 'n bedryfskapitaalreserwe oorgeplaas word;
- (e) dat die stadstesourier 'n jaarlikse verslag voorberei waarin die deernissubsidie bedrag vir die betrokke finansiële jaar vasgestel word;
- (f) dat die raad 'n Deernis-komitee, ooreenkomsdig die bepalings van Artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Nr. 117 van 1998) saamstel; en

- (g) dat alle aansoeke om deelname aan die subsidieskema wat voor die sewende van elke maand ontvang is, minstens een keer per maand tussen die vyftiende en twintigste van elke maand, deur die Deernis-komitee oorweeg word.

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

MINMEC SUBMISSION

Date: 28th July 1998

1. SUBJECT

Targeting Intergovernmental Transfers: Guidelines for an Indigents Policy.

2. PURPOSE

To adopt draft policy guidelines that could form the basis for policy guidelines for the targeting of intergovernmental transfers and for an indigents policy thereof.

3. BACKGROUND

Section 214 of the Constitution requires Parliament to pass legislation providing for:

- (a) the equitable division of revenue raised nationally among the national, provincial and local spheres of government;
- (b) the determination of each province's equitable share of the provincial share of that revenue; and
- (c) any other allocations to provinces, local government or municipalities from the national government's share of that revenue, and any conditions on which those allocations may be made.

The Division of Revenue Bill was published on 11th March 1998 to fulfill this obligation. It takes into account:

- (a) the need to ensure that the provinces and municipalities are able to provide basic services and perform the functions allocated to them;
- (b) the fiscal capacity and efficiency of the provinces and municipalities;
- (c) the developmental and other needs of provinces, local government and municipalities;
- (d) obligations of the provinces and municipalities in terms of national legislation; and
- (e) the desirability of stable and predictable allocations of revenues.

The new system of intergovernmental transfers was published by the Department of Finance on the 21st April 1998, and was entitled "**THE INTRODUCTION OF AN EQUITABLE SHARE OF NATIONALLY RAISED REVENUE FOR LOCAL GOVERNMENT**". The document adopts a formula-based approach to the implementation of the new system of transfers.

The new system was also designed in the context of the proposals released during 1997 by the Financial and Fiscal Commission. Among other issues, the FFC document “**Local Government in a System of Intergovernmental Fiscal Relations in South Africa**” states that transfers from national to local government should be directed at providing basic services to poorer households and that transfers should only be made available to those communities that cannot afford these basic services. In other words, intergovernmental transfers should be targeted at poorer households in order to ensure that these households receive basic municipal services, such as water, electricity, sanitation and refuse removal. In effect, this means that local government should ensure the provision of subsidized basic services to poorer households in its jurisdiction.

This proposal has been translated into policy by the new system in terms of a formula-based allocation in “**THE INTRODUCTION OF AN EQUITABLE SHARE OF NATIONALLY RAISED REVENUE FOR LOCAL GOVERNMENT**” document. It provides for an “S” transfer defined as a *municipal basic services (S) transfer* to ensure that poor residents in all local government jurisdictions receive access to basic services.

OBJECTIVES OF THE INDIGENT POLICY GUIDELINES

The objectives of the guidelines provided are to:

- (a) enable municipalities to effectively implement the targeting of intergovernmental transfers to the indigent (poor) household;
- (b) enable municipalities to ensure that poor households in their jurisdictions derive maximum benefit from the transfer in terms of access to a basic package of municipal services;
- (c) to provide a set of guidelines to ensure uniformity in the implementation of the targeting of intergovernmental transfers.

DEFINITION OF THE INDIGENT

Indigents are defined as those persons who, due to a number of factors, are unable to pay the full economic cost of a basic level of services. Typical examples are pensioners, the unemployed, disabled persons, etc.

DEFINITION OF POOR (INDIGENT) HOUSEHOLDS

In terms of the new system of intergovernmental transfers, the formula-based allocation provides for a municipal basic services (S) transfer for the provision of a essential minimum package of services for poor persons living in an household which has an income less than R800.

In addition, such an indigent household may have the following characteristics:

- receives a very low level of service provision, e.g. VSPs, standpipes and low amp connections
- and or is situated in a area with a significantly high level of poverty
- and or has a low consumption level of all basic services

INTERGOVERNMENTAL TRANSFERS AND THE SUBSIDISATION OF BASIC SERVICES FOR INDIGENT HOUSEHOLDS

The new system, in terms of its formula-based allocation, aims to provide for an operating subsidy of R86.00 per month per household with an average household size of 4.5. This will be fully phased in over five years in urban areas, and seven years in rural areas. As this is an unconditional grant, it will be up to municipalities to determine their own mechanisms for passing this subsidy on to the poor household, and establishing appropriate targeting mechanisms for this purpose.

For the current financial year, taking into consideration the formula allocation of the funds available, the operating subsidy for 2008/09 has been set at R145.14 per indigent household.

PRINCIPLES

Equity: A municipality should promote the constitutional goals of equity by ensuring that indigent households gain access to a minimum package of basic municipal services through the subsidization of services for such households.

Fairness: A municipality should at all times treat residents in its jurisdiction fairly according to a uniform set of criteria and procedures. This means that indigent households qualifying for a subsidy must be identified by a uniform set of criteria applied throughout municipality.

Efficiency: A municipality shall ensure the efficient delivery of services to all households so that they receive the best value for money in terms of service quality and cost.

Openness and transparency: A municipality shall at all times be transparent and open with regard to the targeting of subsidies, in particular, a municipality shall provide adequate information about the transfer programme to all residents in its jurisdiction. An effective communication system for access to information about the transfer programme should be established.

Accountability: A municipality shall ensure accountability on all aspects of the transfer programme at all levels of decision making, administration, budgeting and reporting in the municipality.

Monitoring and Evaluation: A municipality shall at all times ensure the effective monitoring and evaluation of the transfer programme as a whole.

METHODOLOGY AND APPROACH

The guidelines outlined below provide several methods and approaches for targeting intergovernmental transfers to indigent households. As there may be differences and variations in local conditions faced by municipalities, these guidelines serve as a starting point which could be adjusted to suit the capacity, needs and experience of each local municipality.

Identifying the indigent (poor) household:

Several of the following methods may be used to identify the indigent household. These methods enable both direct and indirect identification. They may be used singularly, in combination or sequentially.

i. Individual Targeting

Examples of this method include a household survey and means testing. Means testing aims to ascertain whether a household's income is below a cut off point. It uses either income, nutritional status and type of dwelling (with or without a toilet, electricity), etc, as a criterion

*** Household Survey or Individual Assessment**

A household survey of residents may be undertaken of the residents of the jurisdiction. The survey may be in the form of a questionnaire. A house to house survey renders more accurate the identification of the indigent household as well as the total number of such households in the jurisdiction. It also better enables the targeting of the benefits of the transfer. However, the costs of such a survey need to be carefully assessed against the municipal capacity, funds available as well as the geographic density and expanse of residential areas under the jurisdiction of the municipality.

*** Municipal Billings Survey**

An examination of the municipal billings with a view to identifying households with a long history of non-payment may indirectly point to households within this category that need to be visited and surveyed in order to determine whether non-payment is as a result of household income less than R1 880.00 per month. This method may identify only some of the indigent households. It may nevertheless identify those indigent households associated with outstanding payments.

*** On Application by the Indigent Household**

The municipality can use a variety of communication and media methods that may encourage application by the indigent household for a subsidy. These methods may take the form of the publication and distribution of information leaflets which provide clear and concise information on the purpose of the subsidy, the requirements for eligibility and the appropriate contact details of the programme manager or programme desk.

Telephone hotlines may be one method by which applications are encouraged and information disseminated. Hotlines may serve as a cost-effective pre-screening mechanism.

Advantages:

- can identify beneficiaries accurately
- can get benefits to the intended households

Disadvantages:

- Information intensive
- Expensive to implement
- may not be perfect and can induce costly leakages
- high administrative costs

ii. Self-identification or self-targeting

A municipality may design a transfer programme which is available to all the residents of its jurisdiction but aims to discourage non-indigent households from participating or applying for the subsidization of the provision of basic services. The requirements for eligibility are such that the subsidy pertains to the provision of services for those households which receive a low level of service provision or have a low level of service consumption, etc. The parameters for eligibility are determined in such a way that the non-poor are likely not to apply for the subsidy or do not join the transfer programme.

Through this method, households self-select themselves into the transfer programme. As a result there is no administered targeting. It involves subsidizing services dis-proportionally consumed by the poor. A municipality may, for example, offer a subsidy to all households within its jurisdiction on condition that such households

- have a low level of service provisions, viz, standpipes
- are situated in poor areas, viz, informal settlements
- have a low consumption level of services

It may also stipulate only one, or several conditions for household eligibility.

Advantages:

- no or low administration costs
- politically acceptable
- can be flexible in responding to changing circumstances in a particular municipal jurisdiction
- less vulnerable to administrative corruption and manipulation

Disadvantages:

- Targeting is rough and not accurate – non indigent households can gain benefits from the subsidy programme
- can limit the size of the transfer
- it is not always easy to know what poor people prefer as far as a basic package of services is concerned
- may decline over time with shifting preferences
- some of the eligible indigent households may be screened out and thus not gain from the subsidy programme
- non-indigent households may also benefit

iii. Indicator based method

This method aims to target benefits conditional upon observable characteristics other than income, e.g. land, type of dwelling unit, house (floor area), other durable asset ownership, number of children, level of education, etc. A subsidy programme can grant eligibility on the basis of shared characteristics by households. The idea is to find an indicator that is less costly to identify but is sufficiently correlated with income to identify the poor. The indicator (s) must not be easily manipulated, e.g. when people fake ownership of land to qualify for a subsidy.

Advantages:

- getting benefits of the subsidy programme is conditional upon observable characteristics other than income, e.g. land holding, age, place of residence, etc.
- easy to observe, e.g. land ownership and number of children are good predictors of income
- in general indicators may be difficult for applicants to manipulate reduces administration costs

Disadvantages:

- some of the indicators can be manipulated by applicants
- it is inevitable that some of the non-poor benefit
- if the number of indicators increase, administration costs can increase
- generates gainers and losers: the more one insists that none of the poor or intended beneficiaries get missed, the less likely that the indicator targeting method will be preferred.

iv. Geographic/area targeting.

A municipality may target the benefits of a subsidy to a particular area (s) in its jurisdiction. The subsidy may be allocated to a particular area (s) or district (s) based on the average (low) level of service provision and or the high incidence of poverty and or high prevalence of the number of indigent households, etc. The costs of combining residence, household characteristics with the area targeted may depend on local administrative infrastructure and capacity, incentives facing local administrators to make the programme work, a municipality's relations with the poor in these areas, and the extent of political representation of the poor.

Advantages:

- This method may be useful, depending on specific
- Local conditions conducive for its use

Disadvantages:

- costs depend on administrative capacity
- the non-poor or non-indigent households may also benefit as targeting is generalized to the entire area or district

ADMINISTRATIVE ISSUES

Household information and documentation

The design of the questionnaire is the initial starting point for the collection of comprehensive information and documentation of the indigent household. It should aim to ensure the collection of adequate and relevant information for the assessment and identification of the household as indigent and for future monitoring and evaluation. All documentation shall be held as official records of the municipality. Wherever applicable, the survey should also indicate accurate details of municipal billing accounts for the household.

- # Accounts under special treatment
- # Account with repayment arrangements
- # Residential and non-residential customers

- * In order to streamline the council's legal actions and the follow-up steps thereof, a dedicated legal team under the control of revenue should be established to serve all councils within a single base. Its activities and functions would be to:
 - receive instructions from the council on non-performing debtors;
 - black list debtors as "slow payer" with credit bureaus;
 - commission "in-house" tracing agencies or sub-contracted agencies with a view to:
 - # establish existence or otherwise of the debtor;
 - # reason for non-payment;
 - # in need, conclude repayment arrangements with the debtor;
 - # establish the cost benefit of further litigation.
 - issue summons;
 - proceed with litigation by instructing/briefing practicing attorneys draw form the preferential list;
 - ensure that the resultant judgement is listed with the credit bureau's;
 - ensure that no single attorney is assigned more than 1000 collection cases at any given time.

3.3 Agents, attorneys and other collection agents

All external agents acting on behalf of a municipality are to be named, together with their details and contact information. Likewise, all agents are to be supplied with a copy of the credit control measures.

Clear instructions to agents and other arrangements must be explained for the customers' benefit. Under no circumstances may agents negotiate terms, extend payment periods or accept cash on behalf of a municipality, unless specifically instructed in writing to do so. The agent on request by consumers must produce this instruction.

The costs to the municipality and to the debtor must be detailed for each stage of the credit control measures and for all possible actions. The liability for the costs of legal action and other credit control actions must, as far as is legally possible, be for the account of the debtor.

Councils should also consider propagating direct summonses by making use of their own computer software.

3.4 Fraud, tampering and other criminal activity

A municipal council may not interfere where criminal activity is evident. The legal penalties and criminal justice system may not be subject to conflicting resolutions by a municipal council. All such cases must be prosecuted to the fullest extent of the law.

A municipality may not supply water (other than a trickle suppl) or electricity to a customer who is found guilty of, or, if it is admitted that fraud, theft or any other criminal action involving the use of these services existed, until the total costs, penalties, other fees and tariffs and rates due to the municipality have been paid in full.

All tampering charges, electricity charges, call fess and other related tampering charges must be paid in full before arrangements can be made on other debts on the account.

KREDIETBEHEERBELEID: SENTRAAL-KAROO DISTRIK MUNISIPALITEIT (MURRAYSBURG DISTRIKBESTUURSGEBIED)

1. Woordomskrywings

“betaaldatum” die twintigste dag van ‘n maand om 15:00 of indien die dag op ‘n Saterdag, Sondag of ‘n openbare vakansiedag val, die eerste werksdag daarna.

“gekonsolideerde verbruikers rekening” sluit heffings vir die volgende dienste in:

Eiendomsbelasting;

water;

elektrisiteit;

riool;

vullis;

behuisingspaaiememente

huur;

rioolverstopping;

diverse debiteure; en

rente/toesig

2. Daar word soos volg teen eiendomsbelastingbetalers (belastingbetalers) opgetree wat nie hulle verpligte nakom nie.

2.1 Eiendomsbelastingbetalers (belastingbetalers)

2.1.1 Belasting soos aangeslaan deur die munisipaliteit ingevolge die bepalings van Hoofstuk 2 van die Wet op Eiendomsbelasting (Wet 32 van 2001) word verskuldig en is deur die eienaar van die belasbare eiendom betaalbaar onderhewig aan die bepalings van Hoofstuk 9 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000).

2.1.2 Belasting is betaalbaar in 'n enkele jaarlikse bedrag of by wyse van 12 (twaalf) gelyke maandelikse paaiememente.

2.1.2.1 Belasting in 'n enkele jaarlikse bedrag is betaalbaar voor of op die datum wat deur die raad bepaal is en belasting betaalbaar in gelyke maandelikse paaiememente is betaalbaar voor op die betaaldatum.

2.1.2.2 As die eienaar van belasbare eiendom die hoof finansiële beampte skriftelik in kennis stel uiterlik op die een-en-dertigste dag van Mei in enige boekjaar of die later datum in sodanige boekjaar waartoe die hoof finansiële beampte inwillig, dat hy alle belastings ten opsigte van sodanige onroerende goed paaimentsgewyse wil betaal, is sodanige eienaar daarop geregtig om alle belastings vir die eersvolgende boekjaar en vir elke daaropvolgende boekjaar tot sodanige kennisgewing op dergelike wyse deur hom teruggetrek word, in twaalf gelyke paaiememente te betaal.

2.1.3 'n Rekening sal gedurende die eerste maand van 'n boekjaar aan elke eienaar wat aanspreeklik vir die betaling van belasting is, gelewer word waarin die volgende besonderhede vervat is:

- die jaarlikse bedrag of maandelikse paaiment betaalbaar;
- die datum waarop die bedrag betaalbaar is;
- die tarief vir die berekening van die belasting;
- die waarde van die grond of verbeteringe waarop die belasting gereken is;
- besonderhede van die infasering van belasting, indien van toepassing;
- indien bykomende belasting gevorder word, die bedrag en die doel van die belasting wat gevorder word.

2.1.4 Die feit dat die eienaar van belasbare eiendom nie 'n rekening ontvang het, wat na die Eienaar se posadres soos aangetoon in die munisipaliteit se registers gestuur is nie, stel die eienaar van die belasbare eiendom nie vry van sy verpligting om belasting te betaal nie.

2.1.5 Indien enige belastings onbetaald bly na 'n tydperk van *drie* maande vanaf die datum waarop sodanige belastings verskuldig en betaalbaar geword het, word rente daarop bereken vanaf die dag wat volg op die verstryking van sodanige tydperk teen die

standaardkoers deur die raad gevorder en verhaal vir elke maand wat sodanige belastings onbetaald bly; met dien verstande

- dat voorafgaande bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie waar belastings paaiementsgewyse ingevolge paragraaf 2.1.2.2 betaal word; en
- dat 'n gedeelte van 'n maand vir die toepassing van hierdie paragraaf geag word 'n maand te wees.

2.1.6.1 Indien enige belastings, uitgesonderd belastings wat in paaiemente betaal word soos in paragraaf 2.1.2.2 bepaal, onbetaald bly na die verstryking van *drie* maande vanaf die datum waarop sodanige belastings verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampete beteken aan die eienaar wat in die eerste plek aanspreeklik is, waarin sodanige eienaar, aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf die betrekking daarvan te betaal.

2.1.6.2 Indien enige belastings, uitgesonderd belastings wat in paaiemente betaal word soos in paragraaf 2.1.2.2 bepaal, onbetaald bly na die verstryking van drie maande vanaf die datum waarop sodanige belastings verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampete beteken aan elke persoon wat ingevolge paragraaf 2.1.7 gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is met die eienaar waarin sodanige persoon aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betrekking daarvan te betaal.

2.1.6.3 Indien die eienaar wat in die eerste plek aanspreeklik is en elke persoon wat ingevolge paragraaf 2.1.7 gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is met die eienaar, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal en paragrawe 2.1.6.1 en 2.1.6.2 gee nie, word geregtelike stappe sonder verdure kennisgewing ingestel.

2.1.7 Indien die eienaar wat in die eerste plek aanspreeklik is vir enige belastings, uitgesonderd belastings wat in paaiemente betaal word soos in paragraaf 2.1.2.2 bepaal, in gebreke bly om sodanige belastings te betaal voor of by die verstryking van drie maande vanaf die datum waarop sodanige belastings verskuldig en betaalbaar word, is enige persoon wat te eniger tyd daarna –

2.1.7.1 die okkuperer van die betrokke eiendom is of was aanspreeklik vir sodanige belastings;

- as hy dit kragtens 'n huurkontrak aldus okkuper of geokkuper het, tot die bedrag van die huurgeld wat deur hom verskuldig is maar nog nie betaal is nie; en
- as hy dit nie kragtens 'n huurkontrak aldus okkuper of geokkuper het nie, tot die bedrag van sodanige belastings, of

- 2.1.7.2 as agent of andersins die huurgeld ten opsigte van die betrokke eiendom ontvang het of ontvang, aanspreeklik vir sodanige belastings tot die bedrag van huurgeld wat aan hom betaal of betaalbaar is ten opsigte van sodanige eiendom min enige kommissie aan hom verskuldig vir die invordering daarvan, onderhewig aan en beperk tot die bepalings van die Wet op Eiendomsagente (Wet 112 van 1976);
- 2.1.7.3 die agent of andersins, moet op versoek, 'n geskrewe gespesifiseerde staat waarin alle bedrae wat deur die agent of andersins gedurende 'n periode ontvang is, aan die munisipaliteit voorsien.
- 2.1.8 Die persone genoem in 2.1.6.1 en 2.1.6.2 is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik met mekaar en met die eienaar wat in die eerste plek aanspreeklik is.
- 2.1.9 Indien enige belastings, uitgesonderd belastings wat in paaiemende betaal word soos in paragraaf 2.1.2.2 bepaal, onbetaald bly, kan die eienaar wat in die eerste plek aanspreeklik is, 'n skriftelike reeling om afbetaling van die agterstallige belasting tref. Reëlings word sodanig getref dat die agterstallige belasting uiters op 30 Junie van die betrokke boekjaar betaal sal wees.
- 2.1.10 As enige paaiement in paragraaf 2.1.2.2 genoem, onbetaald bly na die betaaldatum van die maand wat onmiddellik volg op die maand op die laaste dag waarvan sodanige paaiement verskuldig en betaalbaar geword het:
- 2.1.10.1 vorder en verhaal die raad rente daarop bereken teen die standaardkoers vanaf die dag wat volg op die verstryking van sodanige betaaldatum vir elke maand wat sodanige paaiement onbetaald bly, en vir die toepassing van hierdie paragraaf word 'n gedeelte van 'n maand gesag 'n maand te wees; en
- 2.1.10.2 moet die raad, as minstens drie paaiemente, hetsy agtereenvolgend of nie, gedurende enige boekjaar aldus onbetaald is of laat betaal is, en ongeag of rente ingevolge paragraaf 2.1.10.1 gevorder en verhaal is of nie, by skriftelike kennisgewing wat aan die eienaar beteken word, sy reg om belastings paaiementsgewyse ingevolge paragraaf 2.1.2.2 te betaal, terugtrek vir die tydperk wat die raad bepaal en in sodanige geval is die bepalings van paragraaf 2.1.5 van toepassing ten opsigte van die onbetaalde saldo van alle belastings op die betrokke onroerende goed geheg en aangeslaan –
- waar sodanige reg Aldus teruggetrek word voor die verstryking van die tydperk van *drie* maande in gemelde paragrawe genoem, asof sodanige reg nie bestaan het nie; en
 - waar sodanige reg Aldus teruggetrek word na die verstryking van gemelde tydperk van *drie* maande, asof sodanige tydperk verstryk het op die sewende dag na die betrekking van sodanige kennisgewing.

3. DIENSTE/BEHUISING EN DIVERSE DEBITEURE REKENINGE

Daar word soos volg teen 'n verbruikers van elektrisiteits-, water-, riol- en vullisverwyderingsdienste en 'n koper van municipale woonhuis (koper), huurder en debiteur opgetreee wat nie sy verpligtinge nakom nie.

3.1 ALGEMEEN

- 3.1.1 Gekonsolideerde rekeninge soos aangeslaan en gehef deur die munisipaliteit, word verskuldig en is betaalbaar deur die verbruiker, huurder, koper of debiteur voor of op die betaaldatum om 15:00 van die maand wat volg op die maand waarin die verbruikersrekeninge, rekeninge vir behuisingspaaiemende, huur- en diverse rekeninge, versend is.
- 3.1.2 As enige bedrag in paragraaf 3.1.1 genoem, onbetaald bly na die betaaldatum of 'n ander dag wat die raad by spesiale besluit bepaal van die maand wat onmiddellik volg op die maand op die laaste dag waarvan sodanige bedrag verskuldig en betaalbaar geword het, vorder en verhaal die raad 'n eenmalige toeslag en/of rente teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal vanaf die dag wat volg op die verstryking van die betaaldatum. Vir die toepassing van hierdie paragraaf word 'n gedeelte van 'n maand geag 'n volle maand te wees; met dienverstande dat 'n raad by spesiale besluit kan bepaal dat voorafgaande bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van alle dienstegelde ingevolge paragraaf 3.1.1 aan die munisipaliteit betaalbaar.
- 3.1.3 Die laaste dag van betaling van rekeninge, moet elke maand op die rekeninge aangedui word.
- 3.1.4 'n Gekonsolideerde rekening word maandeliks geheg en voor die einde van die betrokke maand aan die verbruiker wat aanspreeklik vir die betaling van die dienstegelde, behuisingspaaiemend en huurgeld is, versend. Behoudens die bepalings van paragraaf 2.1.3, 3.1.1 en 3.1.3 moet die volgende besonderhede ook op die rekening aangedui word:
 - agterstallige bedrag wat verskuldig en betaalbaar is (indien van toepassing);
 - toeslag op agterstallige bedrag (indien van toepassing);
 - maandelikse basiese/beskikbaarheidsheffing;
 - heffing ten opsigte van die maand se verbruike;
 - behuisingspaaiemend;
 - huurgeld;
 - diverse heffing;
 - alle betalings ontvang; en
 - deernissubsidie vir die maand toegeken.

- 3.1.5 Die reëlingsbedrag en die lopende maand se rekening is verskuldig en betaalbaar op die datum soos ooreengekom in die ooreenkoms.
- 3.1.6 Met die blokkering van vooruitbetaalde elektrisiteit of die afsny van elektrisiteit en/of watertoevoere moet die totale rekening in berekening gebring word.
- 3.1.7 'n Rekening sal dien as kennisgewing ingevolge die bepalings van die betrokke wetgewing en ingeval van wanbetaling sal dienste dienooreenkomstig gestaak word sonder enige verdure kennisgewing.
- 3.1.8 Die feit dat 'n verbruiker, koper, huurder of enige ander debiteur nie 'n rekening ontvang het, wat na die verbruiker, koper, huurder of enige ander debiteur se posadres soos aangetoon in die munisipaliteit se registers gestuur is nie, stel die verbruiker, koper, huurder of enige ander debiteur nie vry van sy verpligte om sy rekening te betaal nie.
- 3.1.9 Dit is 'n uitdruklike voorwaarde dat die raad die reg voorbehou om bedrae aangebied vir betaling, volgens 'n voorkeur volgorde soos deur die raad bepaal na die verskillende dienste toe te wys.
- 3.1.10 In gevalle waar dienstegelde (water, elektrisiteit, riool en vullisverwydering) agterstallig, verskuldig en betaalbaar is, moet die verbruiker 'n skriftelike en aanvaarbare ooreenkoms met betrekking tot die afbetaal van die verskuldigde bedrag met die munisipaliteit aangaan.
- 3.1.11 As 'n verbruiker van die riooldiens die hoof finansiële beampete skriftelik in kennis stel uiterlik op die een en dertigste dag van Mei in enige boekjaar of die later datum in sodanige boekjaar waartoe die hoof finansiële beampete inwillig, dat hy alle heffings ten opsigte van sodanige diens paaiementsgewyse wil betaal, is sodanige verbruiker daarop geregtig om alle rioolheffings vir die eersvolgende boekjaar en vir elke daaropvolgende boekjaar tot sodanige kennisgewing op dergelyke wyse deur hom teruggetrek word, in twaalf gelyke paaiememente te betaal.

3.2 Vooruitbetaalde Elektrisiteit (Kitskrag)

Hierdie reëlings geld vir alle verbruikers wat oor vooruitbetaalde elektrisiteitsdienste beskik:

- 3.2.1 In gevalle waar agterstallige dienstegelde verskuldig en betaalbaar is en die verbruiker nie instaat is om die agterstallige bedrag onmiddellik te vereffen nie, moet die verbruiker 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaal van die verskuldigde bedrag met die munisipaliteit aangaan met inagneming van die bepaling soos vervat in paragraaf 3.1.10.
- 3.2.2 Indien die verbruiker versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld na te kom en/of sy lopende rekening te betaal, word die verbruiker outomaties by enige verdure reëlings uitgesluit en word daar soos volg teen sodanige verbruiker opgetree:
 - kitskrag word geblok;
 - watertoevoer word afgesny; en

- ander dienste word gestaak.

Kitskragverkope, waterverskaffing en ander dienste sal hervat word met betaling van die volle bedrag insluitend belasting wat verskuldig en betaalbaar was soos aangedui op die rekening wat aan die verbruiker gelewer is. Heraanskakelingskoste moet ook betaal word.

3.2.3 In gevalle waar kitskrag aangekoop word terwyl belasting en ander dienstegelde verskuldig en betaalbaar is en die verbruiker 'n skriftelike ooreenkoms met die munisipaliteit aangegaan het, word kitskrag met die voorbehoud verkoop dat vir elke R1,00 kitskrag aankope, word R0,50 op die agterstallige diensterekening vereffen.

3.2.4.1 Indien enige dienstegelde soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampte aan die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige verbruiker aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betokening daarvan te betaal.

3.2.4.2 Indien die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 3.2.4.1 gee nie, word die rekening sonder enige verdere kennisgewing aan die raad se prokureurs vir invordering oorhandig.

3.3 Konvensionele Elektrisiteit

3.3.1 Met die afsny van elektrisiteit moet die totale diensterekening in berekening gebring word.

3.3.2 In gevalle waar agterstallige dienstegelde verskuldig en betaalbaar is, moet die verbruiker 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaling van die agterstallige bedrag, met die munisipaliteit aangaan met inagneming van die criteria soos bepaal in paragraaf 3.1.10.

3.3.3 Indien die verbruiker versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld na te kom en/of sy lopende rekening te betaal, word die verbruiker outomaties by enige verdere reëlings uitgesluit en word daar soos volg teen sodanige verbruiker opgetree:

- elektrisiteitstoevoer word afgesny;
- watertoevoer word afgesny; en
- ander dienste word gestaak.

3.3.4.1 Indien enige dienstegelde soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampte aan die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige verbruiker aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betokening daarvan te betaal.

3.3.4.2 Indien die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 3.3.4.1 gee nie, word geregtelike stappe sonder verdere kennisgewing ingestel.

3.4 Water

3.4.1 Met die afsny van water moet die totale diensterekening in berekening gebring word.

3.4.2 In gevalle waar agterstallige dienstegelde verskuldig en betaalbaar is, moet die verbruiker 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaling van die agterstallige bedrag, met die munisipaliteit aangaan met inagneming van die kriteria soos bepaal in paragraaf 3.1.10.

3.4.3 Indien die verbruiker versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld n ate kom en/of sy lopende rekening te betaal, word die verbruiker outomatis by enige verdere reëlings uitgesluit en word daar soos volg teen sodanige verbruiker opgetree:

- kitskrag word geblok; en
- elektrisiteitstoever word afgesny;
- watertoever word afgesny; en
- ander dienste word gestaak.

Elektrisiteit- en waterverskaffing en ander dienste sal hervat word met betaling van die volle bedrag, insluitend belasting wat verskuldig en betaalbaar was soos aangedui op die rekening wat aan die verbruiker gelewer is. Heraansluitingskoste moet ook betaal word.

3.4.4.1 Indien enige dienstegelde soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampte aan die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige verbruiker aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betoking daarvan te betaal.

3.4.4.2 Indien die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 3.4.5.1 gee nie, word geregtelike stappe sonder enige verdere kennisgewing ingestel.

3.5 Riool- en Vullisverwyderingsheffings

3.5.1 In gevalle waar agterstallige dienstegelde verskuldig en betaalbaar is, moet die verbruiker 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaling van die agterstallige bedrag, met die munisipaliteit aangaan met inagneming van die criteria soos bepaal in paragraaf 3.1.10.

3.5.2 Indien die verbruiker versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld n ate kom en/of sy lopende rekening te betaal, word die verbruiker outomatis by enige verdere reëlings uitgesluit en word daar soos volg teen sodanige verbruiker opgetree:

- kitskrag word geblok; of
- elektrisiteitstoever word afgesny;
- watertoever word afgesny; en
- ander dienste word gestaak.

Kitskragverkope/elektrisiteit- en waterverskaffing en ander dienste sal hervat word met die betaling van die volle bedrag, insluitend belasting wat verskuldig en betaalbaar was soos aangedui op die rekening wat aan die verbruiker gelewer is. Heraansluitingskoste moet ook betaal word.

- 3.5.3.1 Indien enige dienstegelde en huurgeld soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampete aan die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige verbruiker aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betekening daarvan te betaal.
- 3.5.3.2 Indien die verbruiker wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 3.5.3.1 gee nie, word geregtelike stappe sonder enige verdere kennisgewing ingestel.

4. BEHUISING

4.1 Verkoopskema

- 4.1.1 Daar word soos volg teen die koper van 'n huis in gevolge die bepalings van die Koopakte opgetree wat nie sy verpligte nakom nie:
 - 4.1.1.1 In gevalle waar paaiemende agterstallig, verskuldig en betaalbaar is, moet die koper 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaal van die verskuldigde bedrag met die munisipaliteit aangaan. Die bedrag wat as reëling aangegaan word, mag nie minder as die maandelikse lopende paaiemend plus die rente gehef op die agterstallige paaiemende, wees nie.
 - 4.1.1.2 Indien die koper versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld na te kom, word die koper outomaties van enige verdere reëlings uitgesluit.
 - 4.1.1.3 Indien enige paaiemend soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige paaiemend verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampete aan die koper wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige koper aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betekening daarvan te betaal.

4.1.1.4 Indien die koper wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 4.1.1.3 gee nie, word geregtelike stappe sonder enige verdere kennisgewing ingestel.

4.2 Maandelikse Huur

4.2.1 Daar word soos volg teen die huurder van 'n huis opgetree wat nie sy verpligtinge nakom nie:

4.2.1.1 In gevalle waar huur agterstallig, verskuldig en betaalbaar is, moet die huurder 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaal van die verskuldigde bedrag met die munisipaliteit aangaan. Die bedrag wat as reeling aangegaan word, mag nie minder as die maandelikse lopende paaiement plus die rente gehef op die agterstallige huurgeld, wees nie. 'n Minimum bedrag van R20,00 per maand moet bykomend gevorder word.

4.2.1.2 Indien die huurder versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld na te kom, word die huurder outomaties van enige verdere reëlings uitgesluit.

4.2.1.3 Indien enige huur soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige huur verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampte aan die huurder wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken, waarin sodanige huurder aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betoking daarvan te betaal.

4.2.1.4 Indien die huurder wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 4.2.1.3 gee nie, word geregtelike stappe sonder enige verdere kennisgewing ingestel.

5. DIVERSE REKENINGE

5.1 Daar word soos volg teen 'n diverse debiteur opgetree wat nie sy verpligtinge nakom nie:

5.1.1 In gevalle waar die bedrag agterstallig, verskuldig en betaalbaar is, moet die debiteur 'n skriftelike ooreenkoms met betrekking tot die afbetaal van die verskuldigde bedrag met die munisipaliteit aangaan.

5.1.2 Indien die debiteur versuim om sy ooreenkoms stiptelik en gereeld na te kom, word die debiteur outomaties van enige verdere reëlings uitgesluit.

5.1.3 Indien enige bedrag soos bepaal in paragraaf 3.1.1 onbetaald bly na verstryking van die laaste dag van betaling waarop sodanige gelde verskuldig en betaalbaar word, word 'n skriftelike eis deur die hoof finansiële beampte aan die debiteur wat in die eerste plek aanspreeklik is, beteken waarin sodanige debiteur aangesê word om die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is, binne veertien dae vanaf betoking daarvan te betaal.

- 5.1.4 Indien die debiteur wat in die eerste plek aanspreeklik is, nie binne veertien dae uitvoering aan die skriftelike eis om betaling soos bepaal in paragraaf 5.1.3 gee nie, word geregtelike stappe sonder enige verdere kennisgewing ingestel.

6. VERBRUIKERSDEPOSITO'S

Verbruikersdeposito's moet gedurende kredietkontrole ingevolge die bepalings van die munisipaliteit se elektrisiteits- en waterverordeninge asook die gedelegeerde bevoegdheid aan die hoof finansiële beampte, aangepas word.

7. RAADSLEDE

- 7.1 Raadslede moet hulself vergewis van die kredietbeheerbeleid en sorg dat belastingbetalers, verbruikers en ander debiteure in hul onderskeie wyke die implikasies van die geen betaling/geen dienste konsep verstaan.
- 7.2 Raadslede moet amptenare ondersteun in die uitvoering van die kredietbeheerbeleid.

SENTRAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT REËLING VIR AFBETALING

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE:

VAN : _____
Volle Name : _____
Woonadres : _____ Tel nr: _____
Werkgewer : _____ Tel nr: _____
Gade/volle name : _____

2. INKOMSTE:

	R	C		R	C
Eienaar/Huurder	: per maand -----		Huis paaiemnt/huur	-----	
	: per week -----		Water/Vullis/Riool/Elek	-----	
Gade	: per maand -----		Eiendomsbelasting	-----	

3. UITGawe:

	: per week -----	Huishouding -----
Ander: Spesifieer	-----	Ander: Spesifieer -----
Ander: Spesifieer	-----	Ander: Spesifieer -----
TOTAAL	-----	TOTAAL -----

4. INDIEN WERKLOOS:

Hoe lank is u sonder werk? ----- Is u by Dept Arbeid geregistreer? -----
 Ontvang u werkloosheidsvoordele? ----- Registrasie Nr: -----

5. BESONDERHEDE VAN MUNISIPALE REKENING:

Rekeningnommer	-----		
Beskikbaarheid (maandeliks)	R _____	R _____	R _____
Belasting (maandeliks)	R _____	R _____	R _____
Water	R _____	R _____	R _____
Elektrisiteit	R _____	R _____	R _____
Riool	R _____	R _____	R _____
Vullisverwydering	R _____	R _____	R _____
Huishuur	R _____	R _____	R _____
Huispaaiemente	R _____	R _____	R _____
Perseelhuur	R _____	R _____	R _____
Beskikbaarheid (Jaarliks)	R _____	R _____	R _____
Belasting (Jaarliks)	R _____	R _____	R _____
Diverse	R _____	R _____	R _____
TOTAAL	R _____	R _____	R _____

Hiermee erken ek date k die uitstaande gelde van R_____ ten opsigte van bostaande rekening (e) aan die

6. Ek bied hiermee aan om die gemelde bedrag, plus rente, by die kantore van Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit te betaal by wyse van maandelikse/weeklikse paaiemente van R_____ op _____ en daarna voor of op elke _____ van 'n maand/week.

7. NB: Hierdie reeling per week of per maand het slegs betrekking op die agterstallige bedrag. Die maandelikse rekening moet stiptelik saam met die reeling voor die 20ste van die maand betaal word. Die uitstaande bedrag na verrekening van die subsidie is soos normal betaalbaar voor die 20ste van die maand by gebreke daarvan die dienste sonder verdure kennisgewing gestaak sal word. Dit is verder 'n uitdruklike voorwaarde dat die Raad die reg voorbehou om betalingsbedrae volgens 'n voorkeur volgorde na die verskillende dienste toe te wys.

- 8.** Ek erken en verstaan dat indien ek sou versuim om enige van die betalings waarna hierbo verwys word stiptelik en betyds te maak, die volle uitstaande balans tesame met rente onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.
- 9.** Indien dit vir die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit nodig mag wees om regsstappe teen my in te stel weens my versuim om te voldoen aan my verpligtinge in terme van hierdie afbetalingaanbod, aanvaar ek aanspreeklikheid vir die betaling van Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit se regskoste op 'n prokureur en kliënt skaal, tesame met BTW daarop.
- 10.** Ek stem hiermee toe dat, ingeval ek versuim om my aanbod n ate kom, Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit ook geregtig sal wees om, sonder kennisgewing aan my, aansoek te doen om:
 - 10.1** Vonnis vir die bedrag nog verskuldig in gevolge hierdie aanbod tesame met alle rente en koste.

- 10.2** 'n Hofbevel vir betaling daarvan ooreenkomsdig my aanbod.
- 11.** Ek stem hiermee toe tot die uitreiking van 'n besoldigingsbeslagbevel teen my salaries en onderneem om enige kommissie wat my werkgever daar ten opsigte van mag aftrek, te betaal op aanvraag aan Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit.
- 12. VERKLARING:** **Ek verklaar dat voorafgaande waar en juis is en dat die amptenaar my rekening aan my verduidelik het.**

BEËDIGDE VERKLARING

VOLLE NAME EN VAN _____

VERKLAAR ONDER EED/BEVESTIG PLEGTIG IN AFRIKAANS:

GESLAG _____

ID NR. _____

WOONADRES _____

WERKSADRES _____

6. Ek is tans werkloos en beskik oor geen inkomste nie,, en verklaar dat die inligting op voorgaande bladsy waar en juis is.
7. Ek is by Dept. Arbeid as werkloos geregistreer.
8. Ek het by die volgende firma's om werk aansoek gedoen:

(a)	(b)
(c)	(d)
9. Ek is tans ongeskik vir werk vanaf datum: (a)
10. Ek het aansoek om ongeskiktheidstoelaag gedoen vanaf datum: (a)

Skrap wat nie van toepassing is nie.

Ek is vertrou met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.

Ek het (geen) beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed (nie).

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend (nie bindend) vir my gewete (nie).

HANDTEKENING VAN / DUIMAFDRUK VERKLAARDER

Met die aflegging van hierdie eed is voldoen aan die voorskrifte van Regulasie R1258 gedateer 21 Julie 1972.

Ek sertificeer dat die Verklaarder erken dat hy/sy vertrou is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp.

Hierdie verklaring is deur my beëdig/bevestig en die verklaarder se handtekening/duimafdruk is in my teenwoordigheid daarop aangebring te (plek) en op datum

**HANDTEKENING KOMMISSARIS VAN EDE
DRUKSKRIF**

VOLLE VOORNAME EN VAN IN

VERBRUIKERSOOREENKOMS - WATER EN/OF ELEKTRISITEIT

NB. - Reëlings vir toegang tot die perseel moet getref word. Hierdie ooreenkoms moet volledig voltooi word. Indien u enigsins onseker voel oor die voltooiing, raadpleeg asseblief die Navrae Toonbank. Dit is verder 'n uitdruklike voorwaarde dat die Raad die reg voorbehou om betalingsbedrae volgens 'n voorkeur volgorde na die verskillende dienste toe te wys en om dienste te weier tensy alle gelde verskuldig aan die raad, ten volle betaal is.

NAAM	<input type="text"/>	REK.	<input type="text"/>	ERF	<input type="text"/>	DATUM VAN	
ID	<input type="text"/>	NR.	<input type="text"/>	NR.	<input type="text"/>	AANSKAKELING	<input type="text"/>

Naam van Eienaar/Verbruiker: _____ Voorletter _____ Volle _____

Straat:

Huwelikstatus: | Getroud 1 | Getroud binne gemeenskap van goedere

B

vervreemd | {Weduwee/Wewenaar

Getroud buite gemeenskap van goedere

ID Nommer Gade:

Voertuig Reg. Nr.:

Naam van Bank:

1. Vorige Adres:

Hoeiank? I I I I I I I I I I I I

2. Vorige Adres:

Hoelank? I I I I I I I I I I I

Naam en Adres van Familieleden elders woonagtig: 1. Titel

Van: Tel (H):

(W)

Voorletters.

Adres:

Poskode: | | | | |

2. Titel:

Van: Tel (H):

(W)

Adres:

Poskode:

Ek verklaar dat die inligting in hierdie ooreenkoms waar en korrek is en die ooreenkoms aan te gaan voorgele word. Identiteitsdokument moet

dat ek die ooreenkoms gelees het. Indien die eienaar/verbruiker nie 'n natuurlike persoon is nie, moet 'n word

Deposito R:

Heraansluitingsfooi R:

HANDTEKENING: EJENAAR/VERBRUIKER

^Kwitansie Nr :

/ Datum:

SUBSIDIESKEMA VIR DEERNISHUISHOUDEINGS

SENTRALE KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

(MURRAYSBURG DISTRIKSGBIED)

In ooreenstemming met die aangehegte riglyne (Bylaag A) vir 'n subsidieskema vir deernishuishoudings word die volgende subsidieskema, aangeheg as Bylaag B, vir oorweging aan die Raad voorgelê.

Tydens gesprekvoering met die Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuisiging van die Provinciale Administrasie: Wes-Kaap, blyk die volgende inligting van toepassing te wees indien die status van die riglyne onder die loep geneem word:

- # Op nasionale vlak het die Sentrale Regering die inkomsteperk van R1 010-00 per maand vir 'n huishouding as 'n deernis-huishouding aanvaar, welke huishouding hulp verleen behoort te word om toegang tot basiese dienste moontlik te maak.
- # Hierdie basis word egter nie afgedwing op ander vlakke van regering nie en moet dus as 'n riglyn beskou word.
- # Die huidige billike gedeelte toekenning uit nasionale inkomste (toekenning) is inderdaad op hierdie stadium 'n onvoorwaardelike toekenning aan die Raad met die versoek dat dit vir deernis-gevalle binne die gemeenskap vir toegang tot basiese dienste aangewend word.
- # Die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning is deurlopend besig om hierdie aangeleentheid te ondersoek en kan daar verdere riglyne en/of voorskrifte in die toekoms hieromtrent verwag word.
- # Die bedrag wat aangewend kan word vir deernis-huishoudings word beperk tot die toegekende bedrag en mag dus nie oorskry word nie.

Met hierdie inligting as agtergrond, saamgelees met alle tersaaklike dokumentasie wat as bylaes tot hierdie verslag aangeheg is, word die mening gehuldig dat die riglyne, soos gestel deur die onderskeie owerhede, so ver moontlik eerbiedig behoort te word en wel om die volgende redes:

- (a) Die is onbekend hoeveel huishoudings in die gemeenskap vir hierdie subsidies al kwalifiseer.
- (b) Die sukses van die Deernissubsidie Skema hang grootliks van die suksesvolle funksionering van die Deernis-komitee en die kriteria neergelê vir die oorweging van aansoeke om deelname aan die subsidieskema, af. 'n Aansoek om deelname word aan die hand van die kriteria, soos aangedui in die Beleid vir Deernishuishoudings, oorweeg.

Aangesien die suksesvolle bedryf en bestuur van die subsidieskema afhang in welke mate die raad daarin gaan slaag om 'n beeld van billikheid, regverdigheid en deursigtigheid te skep, is dit noodsaaklik dat die oorweging van aansoeke om deelname aan die subsidieskema met groot erns benader word.

Om uitvoering hieraan te gee, word aanbeveel dat die raad 'n Deernis-komitee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Nr. 117 van 1998). Om deursigheid te bevorder, behoort belastingbetalers soos predikante en welsynwerkers wat agting en respek in die gemeenskap geniet, ook genader te word om op die komitee te dien.

Die doel van die komitee sal dus wees om alle aansoeke om deelname aan die deernissubsidieskema wat voor die sewende van elke maand ontvang word, te oorweeg.

Aangesien hierdie proses as die raad se bydrae tot sosiale en ekonomiese opheffing beskou kan word, sal dit 'n positiewe boodskap na die gemeenskap uitdra as lede van die komitee geen vergoeding ontvang nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die munisipaliteit die toekennings wat vir deernishuishoudings bedoel is, namens minder gegoede verbruikers administreer.

Om die stadstesourier voldoende tyd te laat om goedgekeurde aansoeke te prosesseer, is dit noodsaaklik dat die komitee minstens een keer per maand tussen die vyftiende en twintigste vergader om alle aansoeke om deelname te oorweeg.

Aansoekers om deelname aan die subsidieskema se aandag moet pertinent op die bepalings van afdeling 5 van die Beleid vir Deernishuishoudings gevëstig word. In die betrokke afdeling word die administratiewe procedures breedvoerig uiteengesit en is ook in 'n afsonderlike dokument (Bylaag D) tot beskikking van verbruikers wat van voorneme is om aansoek te doe nom aan die subsidieskema deel te neem.

Uit die aangehegte riglyne blyk dit dat die bedoeling behoort te wees om sekere munisipale dienste, soos water, riooldienste en vullisverwydering, gedeeltelik te subsidieer.

Weens die onsekerheid omtrent die aantal huishoudings wat gedurende 'n jaar mag kwalifiseer vir 'n subsidie, is dit raadsaam, behoudens die beperkings van wetgewing om 'n afsonderlike trustrekening te skep wat as 'n buffer vir addisionele toekennings kan dien asook vir die verhoging van opvolgende jare se subsidies ten einde tariefverhogings te absorbeer.

Vir hierdie doel word aanbeveel dat 'n bydrae soos deur die raad bepaal tot 'n trustrekening gemaak word, bereken op die toegekende bedrag nadat voorsiening gemaak is vir die administrasie van hierdie skema en ander moontlike uitgawes wat op kredietbeheer betrekking het.

Daar is tans ongeveer 650 huishoudings wat maandeliks 'n deernissubsidie volgens een van die volgende grondslae ontvang:

GROEP A:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R0 tot R240 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Riool Vullisverwydering Belasting TOTaal	R 22,80 R 31,50 R 27,90 R 31,00 <u>R 45,00</u> <u>R158,20</u>

GROEP B:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R241 tot R1 010 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Riool Belasting TOTaal	R 22,80 R 31,50 R 13,95 <u>R 45,00</u> <u>R113,25</u>

GROEP C:

INKOMSTE	DIENS	SUBSIDIE (BTW ingesluit)
Inkomste R1 011 tot R2 020 per maand	Water beperk tot 6 kl Elektrisiteit Belasting TOTaal	R 22,80 R 31,50 <u>R 45,00</u> <u>R 99,30</u>

Die subsidies word jaarliks deur 'n toekenning van die Sentrale Regering wat bekend staan as 'n Billike Gedeeltelike Toekenning uit Nasionale Inkomste, gefinansier.

Die munisipaliteit het reeds 'n deernissubsidieskema in plek en gevoleglik is daar ook reeds 'n databasis saamgestel wat voortdurend opgedateer word.

Ten tye van die uitreiking van die riglyne vir die implementering van 'n deernissubsidieskema by plaaslike owerhede, was die maksimum inkomstevlak op R2 020 per maand per huishouding vasgestel. Die inkomstevlak was waarskynlik bereken as twee keer die maandelikse ouderdomspensioen wat gedurende 2009 betaal is. Die bedrag is sedertdien nog nie weer die Departement van Staatkundige Ontwikkeling aangepas nie alhoewel die maandelikse ouderdomspensioen-toelaag intussen na R1 010 verhoog het.

Om ten minste pensioenarisne nie by die skema uit te sluit nie, wat sekerlik destyds die bedoeling was met die vasstelling van die inkomstevlak van R1 010 per maand, word

saamgestem met die Raad se besluit om die inkomstevlak op R2 020 bruto maandelikse inkomste vas te stel.

Die voorwaardes vir deelname aan die deernissubsidieskema wat as kriteria sal dien met die oorweging van alle aansoeke, word in Bylaag E aangedui.

Om die volle effek van 'n voorsiening vir oninvorderbare skulde, wat deur middel van 'n verhoging in tariewe finansier sal moet word, in 'n mate teen te werk, word aanbeveel dat die gedeelte van die toekenning wat op 30 Junie van elke jaar, nie in die vorm van subsidies aan deernishuishoudings toegeken is nie, nadat die bydrae tot die trustrekening in ag geneem is, na 'n bedryfskapitaalreserwe oorgeplaas word.

Die volgende dokumentasie om die proses stroombelyn te maak, word as Bylaes C en D aangeheg:

Bylaag C:	Aansoek om Deernissubsidie vir Munisipale Dienste
Bylaag D:	Afbetalingsooreenkoms insluitend Beëdigde Verklaring
Bylaag E:	Voorwaardes vir Deernissubsidie

Aanbevelings:

- (a) dat die Subsidieskema vir Deernishuishoudings, aangeheg as Bylaag B, as beleidsdokument aanvaar word vir onmiddellike implementering;
- (b) dat die volgende dokumente as amptelike dokumente vir gebruik tydens die registrasie- en administratiewe proses, aanvaar word:
Aansoek om Deernissubsidie vir Munisipale Dienste (Bylaag C)
Afbetalingsooreenkoms (insluitend Beëdigde Verklaring) (Bylaag D)
Voorwaardes vir Deernissubsidie (aangeheg as Bylaag E);
- (c) dat 'n bydrae soos deur die raad bepaal tot 'n trustrekening gemaak word, bereken op die toegekende bedrag nadat voorsiening gemaak is vir die administrasie van die subsidieskema asook ander moontlike uitgawes wat op kredietbeheer betrekking het, wat as 'n buffer vir addisionele toekennings kan dien en ook vir die verhoging van opvolgende jare se subsidies ten einde tariefverhoudings te absorbeer;
- (d) dat die billike gedeelte van die nasionale toekenning wat op 30 Junie van elke jaar nie in die vorm van subsidies aan deernishuishoudings toegeken is nie, nadat 'n bydrae tot 'n trustrekening gemaak is na 'n bedryfskapitaalreserwe oorgeplaas word;
- (e) dat die stadstesourier 'n jaarlikse verslag voorberei waarin die deernissubsidie bedrag vir die betrokke finansiële jaar vasgestel word;
- (f) dat die raad 'n Deernis-komitee, ooreenkomsdig die bepalings van Artikel 79 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Nr. 117 van 1998) saamstel; en

- (g) dat alle aansoeke om deelname aan die subsidieskema wat voor die sewende van elke maand ontvang is, minstens een keer per maand tussen die vyftiende en twintigste van elke maand, deur die Deernis-komitee oorweeg word.

DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

MINMEC SUBMISSION

Date: 28th July 1998

1. SUBJECT

Targeting Intergovernmental Transfers: Guidelines for an Indigents Policy.

2. PURPOSE

To adopt draft policy guidelines that could form the basis for policy guidelines for the targeting of intergovernmental transfers and for an indigents policy thereof.

3. BACKGROUND

Section 214 of the Constitution requires Parliament to pass legislation providing for:

- (a) the equitable division of revenue raised nationally among the national, provincial and local spheres of government;
- (b) the determination of each province's equitable share of the provincial share of that revenue; and
- (c) any other allocations to provinces, local government or municipalities from the national government's share of that revenue, and any conditions on which those allocations may be made.

The Division of Revenue Bill was published on 11th March 1998 to fulfill this obligation. It takes into account:

- (a) the need to ensure that the provinces and municipalities are able to provide basic services and perform the functions allocated to them;
- (b) the fiscal capacity and efficiency of the provinces and municipalities;
- (c) the developmental and other needs of provinces, local government and municipalities;
- (d) obligations of the provinces and municipalities in terms of national legislation; and
- (e) the desirability of stable and predictable allocations of revenues.

The new system of intergovernmental transfers was published by the Department of Finance on the 21st April 1998, and was entitled "**THE INTRODUCTION OF AN EQUITABLE SHARE OF NATIONALLY RAISED REVENUE FOR LOCAL GOVERNMENT**". The document adopts a formula-based approach to the implementation of the new system of transfers.

The new system was also designed in the context of the proposals released during 1997 by the Financial and Fiscal Commission. Among other issues, the FFC document "**Local Government in a System of Intergovernmental Fiscal Relations in South Africa**" states that transfers from national to local government should be directed at providing basic services to poorer households and that transfers should only be made available to those communities that cannot afford these basic services. In other words, intergovernmental transfers should be targeted at poorer households in order to ensure that these households receive basic municipal services, such as water, electricity, sanitation and refuse removal. In effect, this means that local government should ensure the provision of subsidized basic services to poorer households in its jurisdiction.

This proposal has been translated into policy by the new system in terms of a formula-based allocation in "**THE INTRODUCTION OF AN EQUITABLE SHARE OF NATIONALLY RAISED REVENUE FOR LOCAL GOVERNMENT**" document. It provides for an "S" transfer defined as a *municipal basic services (S) transfer* to ensure that poor residents in all local government jurisdictions receive access to basic services.

OBJECTIVES OF THE INDIGENT POLICY GUIDELINES

The objectives of the guidelines provided are to:

- (a) enable municipalities to effectively implement the targeting of intergovernmental transfers to the indigent (poor) household;
- (b) enable municipalities to ensure that poor households in their jurisdictions derive maximum benefit from the transfer in terms of access to a basic package of municipal services;
- (c) to provide a set of guidelines to ensure uniformity in the implementation of the targeting of intergovernmental transfers.

DEFINITION OF THE INDIGENT

Indigents are defined as those persons who, due to a number of factors, are unable to pay the full economic cost of a basic level of services. Typical examples are pensioners, the unemployed, disabled persons, etc.

DEFINITION OF POOR (INDIGENT) HOUSEHOLDS

In terms of the new system of intergovernmental transfers, the formula-based allocation provides for a municipal basic services (S) transfer for the provision of a essential minimum package of services for poor persons living in an household which has an income less than R800.

In addition, such an indigent household may have the following characteristics:

- receives a very low level of service provision, e.g. VSPs, standpipes and low amp connections
- and or is situated in a area with a significantly high level of poverty
- and or has a low consumption level of all basic services

INTERGOVERNMENTAL TRANSFERS AND THE SUBSIDISATION OF BASIC SERVICES FOR INDIGENT HOUSEHOLDS

The new system, in terms of its formula-based allocation, aims to provide for an operating subsidy of R86.00 per month per household with an average household size of 4.5. This will be fully phased in over five years in urban areas, and seven years in rural areas. As this is an unconditional grant, it will be up to municipalities to determine their own mechanisms for passing this subsidy on to the poor household, and establishing appropriate targeting mechanisms for this purpose.

For the current financial year, taking into consideration the formula allocation of the funds available, the operating subsidy for 2009/10 has been set at R158.20 per indigent household.

PRINCIPLES

Equity: A municipality should promote the constitutional goals of equity by ensuring that indigent households gain access to a minimum package of basic municipal services through the subsidization of services for such households.

Fairness: A municipality should at all times treat residents in its jurisdiction fairly according to a uniform set of criteria and procedures. This means that indigent households qualifying for a subsidy must be identified by a uniform set of criteria applied throughout municipality.

Efficiency: A municipality shall ensure the efficient delivery of services to all households so that they receive the best value for money in terms of service quality and cost.

Openness and transparency: A municipality shall at all times be transparent and open with regard to the targeting of subsidies, in particular, a municipality shall provide adequate information about the transfer programme to all residents in its jurisdiction. An effective communication system for access to information about the transfer programme should be established.

Accountability: A municipality shall ensure accountability on all aspects of the transfer programme at all levels of decision making, administration, budgeting and reporting in the municipality.

Monitoring and Evaluation: A municipality shall at all times ensure the effective monitoring and evaluation of the transfer programme as a whole.

METHODOLOGY AND APPROACH

The guidelines outlined below provide several methods and approaches for targeting intergovernmental transfers to indigent households. As there may be differences and variations in local conditions faced by municipalities, these guidelines serve as a starting point which could be adjusted to suit the capacity, needs and experience of each local municipality.

Identifying the indigent (poor) household:

Several of the following methods may be used to identify the indigent household. These methods enable both direct and indirect identification. They may be used singularly, in combination or sequentially.

i. Individual Targeting

Die prentjie wat die meerderheid belastingbetalers en verbruikers van hulle munisipaliteit het, is maar droewig. Ongepubliseerde inligting wat by die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering beskikbaar is, toon dat daar heelwat munisipaliteite is wat diep in die moeilikheid is. Die betrokke munisipaliteite ontvang tans spesiale aandag van hulle onderskeie provinsiale premiers asook van die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering.

Dit kan nie weggeredeneer word dat die oorkoepelende skuld van munisipaliteite van sowat R12,5 miljard (Junie 199), gelyk aan 37% of 133 dae se munisipale belasting- en diensteheffings, nou begin om kritieke afmetings aan te neem nie. Hierdie onaanvaarbare hoë vlak van uitstaande skuld word veroorsaak deur die onvermoë van munisipaliteite om werk te maak van nie-betaling van dienste.

Volgens medie berigte het die oorkoepende skuld van munisipaliteite intussen tot meer as R22,2 miljard (Desember 2001) toegeneem.

Munisipaliteite in Suid-Afrika koop elektrisiteit by Eskom en versprei dit na huishoudings en sake-ondernehemings. Elektrisiteitverkope verteenwoordig ongeveer 27,1% van u begrote inkomste vir 2001/2002, waterverkope 17,0% en eiendomsbelasting 13,4%.

Omdat sommige belastingbetalers en verbruikers nie hulle rekeninge betaal nie of baie laat betaal, is skuld gelykstaande aan 102 dae se verkope en dienste gelewer. Die effek wat die swak prestasie van debiteure op die raad se werksaamhede het, word in afdeling 2 bespreek.

Omdat elektrisiteit van buite verskaffers aangekoop word, is dit juis om hierdie rede dat likiditeitsprobleme kan ontstaan. Die beperkte krediet wat voorsieners beskikbaar stel, relatief tot die uitstaande skuld kan egter deel word van die likiditeitsprobleem.

Betaling geskied gemiddeld oor 30 dae, maar debiteure is gemiddeld 102 agterstallig. As gevolg hiervan moet die munisipaliteit ander finansieringsbronne soos beleggings wat vir ander projekte of doeleindes opsy gesit is, gebruik om verskaffers te betaal. 'n Probleem begin egter ontstaan omdat hierdie bronne uitgeput kan raak en daar geen ander bronne is om op terug te val nie.

2. ONTLEDING VAN DEBITEURE SE SKULD

Uit paragraaf 2.2.1 van die Ouditeur-Generaal se verslag oor die werksaamhede van die voormalige Munisipaliteit van Murraysburg wat op 30 Junie 2001 geëindig het, blyk dit dat lopende debiteure R1,205m op 30 Junie 2000 beloop het in vergeleke met R1,688m op 30 Junie 2001. Dit verteenwoordig 'n toename van R 0,483 of 40,0% vir die twaalf maande periode.

Dit is twyfelagtig of die grootste gedeelte van die bedrag gevorder sal kan word terwyl daar ook nie voldoende voorsiening vir die afskryf van oninbare skulde gemaak is nie. Volgens die Ouditeur-Generaal se verslag soos op 30 Junie 2001 blyk dit dat belastingbetalers en verbruikersdebiteure wie se rekeninge langer as 90 dae uitstaande was, R1446m aan die raad verskuldig was.

Die aangeleentheid word verder in afdeling 7 van die verslag bespreek.

Volgens die verslag van die tesourier wat op 11 Februarie 2002 deur die DMA Komitee oorweeg is, blyk dit dat die omsetkoers van onbetaalde huur en dienste teenoor die begroting, 28% of 102 dae beloop.

Die krediet wat 'n munisipaliteit gewoonlik aan belastingbetalers, verbruikers en ander debiteure (lopende debiteure) toestaan, word tot 'n periode van dertig dae beperk. Die totale uitstaande bedrag van debiteure word gevvolglik beoordeel aan die hand van die gemiddelde aantal dae wat die skuld uitstaande is. Dit word gedoen by wyse van 'n formule wat uit die volgende drie elemente bestaan:

- bedrag verskuldig ten opsigte van belasting en verbruikersdienste;
- bedrag geheg; en
- getal dae in 'n jaar.

Alhoewel die periode wat vir vereffening van rekeninge tot dertig dae beperk is, word 'n norm van tussen 42 tot 56 dae as billik en aanvaarbaar beskou.

Die oorskryding van die gemiddelde invorderingstermyne vir dienste en huur kan 'n geweldige negatiewe effek op die munisipaliteit se kontantvloei hê. Die likiditeit van die munisipaliteit word weerspieël in sy vermoë om lopende verpligte betyds uit beskikbare fondse na te kom. In die eerste plek gaan dit om die vereffening van bedryfslaste soos dit betaalbaar word byvoorbeeld Eskom.

In onderstaande tabel is die jaarlikse betalingspersentasie vir die periode Julie 2001 tot Desember 2001 vir belasting- en verbruikersdebiteure en ander debiteure, volgens die volgende elemente bereken:

- totale jaarlikse heffing;
- totale jaarlikse kontantontvangste; en
- jaarlikse betalingspersentasie.

DIENS	TOTALE JAARLIKSE HEFFING R'000	TOTALE KONTANT ONTVANG R'000	BETALINGSPERSENTASIE VIR DIE JAAR %
Eiendomsbelasting	252	183	72,6
Water	199	98	49,2
Elektrisiteit	495	335	67,6
Vullis	122	36	29,5
Riool	113	50	44,2
Huur	8	4	50,0
Diverse	7	4	57,1
TOTAAL	1196	710	59,3

Dit blyk dat kontant wat ontvang is, gelykstaande is aan 59,3% van die bedrae wat gedurende die Julie 2001 tot Desember 2001 periode gehef is. Indien die betalingspersentasie van 59,3% as norm vir die oorblywende gedeelte van die huidige finansiële jaar (2001/2002) aanvaar word, sal dit tot gevolg hê dat die belasting- en verbruikersdienste nie die kontantinkomste gaan genereer waarvoor begroot is nie. Indien 'n norm van 59,3% aanvaar word, blyk dit dat die betrokke

dienste slegs R1,0m van die begrote R1,695m in kontant gan genereer. Dus, 'n kontant tekort van ongeveer R700 000 vir die 2001/2002 boekjaar.

Een van die gevolge van 'n negatiewe kontantvloei is dat dit 'n demper op die werksaamhede van 'n munisipaliteit plaas. Daar kan geargumenteer word dat kontantvloei ook deur 'n verhoging in tariewe aangespreek kan word. Dit gaan egter steeds nie die problem oplos as alle belastingbetalers, verbruikers en ander debiteure nie hulle rekeninge betaal nie aangesien die al groter wordende las net na gereelde betalers verplaas word.

In hierdie verband wys die Departement van Finansies in sy skrywe gedateer 31 Maart 2000 wat betrekking op die voorbereiding van die begroting het, onder andere op die volgende:

43. *The following important issues should also be taken into consideration when compiling the budget:*

- *Affordability: The effect that increases in tariffs will have on industry, commerce in general and the residents within the municipal boundaries.*
- *The effect of non-payment on potential income: Despite notice of this matter in previous communications, may municipalities still maintain that 100% of income will be realized. It is suggested that this assumption be reconsidered in the light of trends experienced in the previous year. The Council must ensure that mechanisms are in place that will result in effective metering, billing, cost recovery and credit control.*

44. *Councils are strongly advised to secure the necessary sources of funding before finalizing their budgets.*

45. *A constant shortcoming in the budgetary process is a failure to provide adequately for a working capital reserve. It is important that a provision for working capital be made in the 2000/2001 operating budget. This should be at least equal to the level of non-payment, during the previous financial year.*

If this amount exceeds 25% of total income, the Chief Executive Officer should provide reasons to the Department and the Council for not collecting arrears.

Indien die voorskrifte van die Departement gevolg sou word met die voorbereiding van die begroting vir die 2001/2002 finansiële jaar en indien 'n betalingspersentasie van 60% as norm aanvaar was, sou daar 'n voorsiening van R590 000 ten opsigte van 'n bedryfskapitaal reserwe gemaak moes word. Dit sou daarop neerkom dat belasting- en verbruikerstariewe bykomend met gemiddeld 25,9% aangepas sou moes word nadat daar voorsiening vir 'n styging in uitgawes as gevolg van inflasie, vir die 2001/2002 finansiële jaar gemaak is.

Die implikasie van die finansiële ontleding van debiteure, dui op die negatiewe effek wat die groot bedrag wat onnodig in debiteure opgesluit lê, op die munisipaliteit se werksaamhede het. Indien die munisipaliteit daarin kan slaag om die debiteure na meer aanvaarbare vlakke te verlaag, sal nie net die kontantvloei posisie verbeter nie, maar kan noodsaklike ander behoeftes soos kapitaalprojekte en herstel- en onderhoudwerk, ook aangespreek word.

Die swak prestasie van die munisipaliteit se verbruikersdebiteure kan aan verskeie faktore toegeskryf word:

- (i) die verskaffing van basiese dienste aan lae-inkomste gemeenskappe sonder dat daar 'n verbetering in hulle ekonomiese omstandighede plaasvind, beïnvloed die situasie nadelig;

- (ii) die algemene gedrag van die gemeenskap het 'n onnodige koste-element tot gevolg en wel in die vorm van kredietbeheer aksies; en
- (iii) buitengewone gunstige toegewings aan debiteure in terme van verlengde betalingsperiodes dra by tot die eskalering in debiteure wat 'n nadelige invloed op die Raad se kontantvloeiposisie het.

Werkloosheid in die Sentraal-Karoo Distrik gebied is moontlik een van die groot redes vir die sterk toename in debiteure se skuld. Dit is egter ook 'n bewese feit dat indien daar nie streng teen wanbetalers opgetree word nie, debiteure eenvoudig sal voortgaan om nie hulle verpligte teenoor die munisipaliteit na te kom nie.

3. IMPLIKASIE VAN KREDIETBEHEER

Alvorens 'n kredietbeheerbeleid geformuleer word, is dit nodig dat die Raad himself vergewis wat kredietbeheer behels, stappe wat geneem behoort te word voordat dienste opgeskort word, beginsels vir kredietbeheer asook personeel en finansiële implikasies van kredietbeheer. Besonderhede met betrekking tot hierdie aangeleenthede word voorts vrylik uit 'n memorandum van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling aan MINMEC aangehaal:

“Definition of Credit Control

Credit control is generally understood in the municipal sector to be the functions related to the collection of cash from ratepayers, customers en consumers of the various municipal services. Credit control under this definition would start once an account remains unpaid after a specified due date.

In terms of modern practices and approaches, credit control is more aptly defined as an avenue of last resort within the ambit of customer management. The customer management approach focuses on the client's needs in a responsive and responsible manner, the objective being to encourage payment to prevent the need for enforcement.

Customer management includes the following aspects:

(i) Proper Billing System

- Accurate metering and minimum delays between service connection and first billing.
- Declared and published reaction times for service breakdowns.
- Accurate customer information and customer liaison.
- Accurate and regular billing and uniform approaches to tariffs and services.
- Affordable service levels.
- Appropriate payment terms and payment options.

(ii) Effective Management and Reporting System

- Accurate reporting to council, performance measurement for each relevant activity. Every council should develop a reporting system on credit control management that will ensure that council is kept informed of the situation on a continuing basis.

- Efficient enquiry and cash payment facilities.
- Adequate mechanisms to inform customers.
- Comprehensive credit control measures consistently applied consisting of firm remedies to enforce payments. The measures should be applied within the shortest possible time after default. Actions against fraudulent use of services and theft are included under these measures.
- Credit control division should be staffed with properly qualified personnel who will be able to implement the credit control procedures efficiently.

Credit control in terms of this approach can constitute one of a number of actions. The elements of a successful customer management programme are perceived by many as pre-conditions to effective credit control. While this is desirable, credit control must always be able to operate in isolation to any customer management service. For the purpose of these guidelines, it is assumed that a customer management service is in place. The establishment of a customer management service centre is a prerequisite for effective credit control.

Municipalities must eliminate all possible reasons for not enforcing credit control by taking all the necessary steps to ensure efficient service delivery and creating opportunities to pay for services.

Steps to be taken before effecting disconnections

- (i) Municipalities should establish reputable and efficient billing systems to ensure that correct accounts are produced and rendered to all customers on a regular basis.
- (ii) An effective and efficient distribution system should exist to ensure that all customers receive their monthly accounts.
- (iii) Sufficient number of pay points should exist.
- (iv) Councillors should consult widely with their constituencies in order to encourage them to pay for services provided.
- (v) Customers who consistently fail to honour their debts should be given reasonable written warnings and notices for them to pay their accounts.
- (vi) Suspension of services and/or disconnections should be done within the ambit of the relevant legislation.
- (vii) The South African Police Service should be forewarned before the disconnection are effected in a specific area.

Factors that effect the implementation of a full credit control system

- (i) Lack of administrative capacity to implement credit control within municipalities.
- (ii) Lack of political support and commitment from councilors.
- (iii) Poor and ineffective accounting systems adopted by some municipalities resulting in inaccurate financial reports and incorrect statements.
- (iv) Lack of financial resources throughout the payment collection system.
- (v) Insufficient customer pay points established by various municipalities.

(vi) Non-existence of a policy on indigent.

Credit control principles

Credit control is the last step in ensuring payment for services rendered. Considering the level of unemployment and poverty in South Africa, the enforcement of payment of services will be ineffective, if it is not based on acceptable principles and if the ability to pay is not separated from indigence. The following principles should be considered:

- (i) Enforcement is a local matter, subject only to relevant legislation.
- (ii) The Chief Executive Officer, who is entrusted with the determination and execution of credit control measures, must report to the local municipal council.
- (iii) Enforcement and policy-making must be independent to ensure consistently applied.
- (iv) Credit control must be effective, efficient and economical.
- (v) The measures must be sustainable in the long-term.
- (vi) A proper indigence policy must be in place.

The current reported results from Project Viability are disturbing and the guidelines will therefore introduce certain important practices, which will be limited, in recognition of local accountability. These guidelines should be seen as a support mechanism for Chief Executive Officers who have a difficult task in face to face engagement with the consumers.

Personnel implications

Where a credit control function does not exist in a municipality, this implies that a dedicated structure be established with a Credit Control Officer in charge.

In view of the recommendation that credit control must always be able to operate in isolation to any Customer Management Service, it is imperative that staff establishment for this function be considered.

Financial implications

Establishment of credit control division has to be financed from operating budget of municipalities, this will have an incremental impact on the budget. However, this will be offset by improved cash inflow as a result of an efficient collection system."

In dieselfde memorandum word ook aanbeveel dat die Nasionale Riglyne op Kredietbeheer, aangeheg as Bylaag A, aanvaar word. Dit word benadruk dat hierdie dokument slegs riglyne is en nie sondermeer net so op die munisipaliteit toegepas kan word nie.

Met die nasionale riglyne as basis en ook die bepalings soos vervat in Hoofstuk 7 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet Nr. 32 van 2000) is plaaslike omstandighede in aanmerking geneem met die formulering van 'n kredietbeheerbeleid vir die Sentralkaroo Distrik

Munisipaliteit. Artikel 97 van bogenoemde wetgewing bepaal soos volg met betrekking tot die inhoud wat in 'n kredietbeheerbeleid vervat moet word:

97. (1) 'n Kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid moet voorsiening maak vir -

- (a) kredietbeheerprosedures en –meganismes;
- (b) skuldinvorderingsprosedures en –meganismes;
- (c) voorsiening vir hulpbehoewende debiteure wat nie-strydig is nie met sy eiendomsbelastingsbeleid en sy tariefbeleid en enige nasionale beleid oor hulpbehoewendes;
- (d) realistiese doelwitte wat nie-strydig is nie met-
 - (i) algemeen erkende rekeningkundige praktyke en invorderings verhoudings; en
 - (ii) die geskatte inkomste wat in die begroting daargestel is, min 'n aanvaarbare voorsiening vir slegte skulde;
- (e) rente op agterstallige gelde, waar toepaslik;
- (f) Uitstel van tye vir betaling van rekeninge;
- (g) Beëindiging van dienste of die beperking van die veskaffing van dienste wanneer betalings agterstallig is;
- (h) Aangeleenthede betreffende die ongemagtigde verbruik van dienste, asook diefstal en skade; en
- (i) enige ander aangeleenthede wat by regulasie voorgeskryf mag word ingevolge artikel 104

Ten einde 'n goedgekeurde beleid in plek te kry, word 'n beleid aangeheg as Bylaag B, vir oorweging voorgelê.

Die beleid het as grondslag dat daar voortaan streng teen wanbetalers van eiendomsbelasting, verbruikersdienste en ander dienste opgetree gaan word.

Die beleid het verder ook as grondslag dat daar nie oor die lopende maand se verpligtinge onderhandel word nie en dat 'n skriftelike aanvaarbare ooreenkoms aangaande die afbetaling van die agterstallige bedrag vanaf 'n spesifieke datum soos deur die raad bepaal, aangegaan word.

Die beleid maak daarvoor voorsiening dat as 'n laaste uitweg,regsaksies teen 'n debiteur ingestel word wat nie op 'n skriftelike versoek om sy rekening te betaal, reageer nie.

Daar word aanbeveel dat die aangehegte beleid onder die aandag van alle belanghebbende rolspelers soos belastingbetalers en verbruikers, forums, verenigings en komitees gebring word.

Die beleid kan deur middel van die volgende inisiatiewe onder die aandag van belanghebbendes gebring word:

- wyksvergaderings deur raadslede waartydens die beleid verduidelik word;
- 'n persverklaring in hierdie verband;
- 'n nuusbrief wat aan elke huishouding in hierdie verband gestuur word;
- inligtingstukke wat by alle betaalpunte van die raad beskikbaar gestel word; en
- gemeenskapsvergadering

4. VERANTWOORDELIKHEID VIR KREDIETBEHEER

Die invordering van inkomste is die verantwoordelikheid van die municipale bestuurder. Artikel 55 (2) van die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Stelsels (Wet 32 van 2000) bepaal dat as rekenpligtige beampete van die municipaliteit, is die municipale bestuurder verantwoordelik en verantwoordbaar vir:

- (a) alle inkomstes en uitgawes van die municipaliteit;
- (b); en
- (c) Behoorlike en noulettende nakoming van toepaslike municipale finansiële bestuur wetgewing.

In artikel 29 (d) (i) van die voorgenome Wet op Municipale Finansiële Bestuur word die vestiging van die verantwoordelikheid van kredietbeheer verder uitdruklik soos volg omskryf.

Die rekenpligtige beampete van 'n municipaliteit moet effektiewe en toepaslike stappe neem –

- (i) om alle gelde wat aan die raad verskuldig is, in te vorder.

In dieselfde voorgenome wetgewing word in Artikel 30 wat betrekking op die municipale bestuurder se verantwoordelikheid met betrekking tot begrotingsbeheer het, soos volg bepaal:

Dat effektiewe en toepaslike stappe geneem word om die onder vordering van inkomste te voorsien.

Artikel 30 (2) (a) bepaal dat die rekenpligtige beampte moet toesien dat die raad op 'n maandelikse grondslag op hoogte van die munisipaliteit se werklikse inkomste en uitgawe resultate gemeet teenoor die begrote inkomste en uitgawe, gehou word. Die betrokke artikel bepaal soos volg:

Die rekenpligtige beampte, vir die doeleindes van subartikel (1), moet –

- (a) binne 15 dae na die einde van 'n maand aan die raadsled verantwoordelik vir finansiële aangeleenthede, voorsien –
 - (i) inligting in die voorgeskrewe format van werklike inkomste (kontant) en uitgawes;
 - (ii) 'n projeksie van verwagte uitgawe en inkomste invordering vir die oorblywende gedeelte van die finansiële jaar;
 - (iii) waar nodig, 'n verduideliking van enige materiële variansie en 'n opsomming van die stappe wat geneem word om te verskeer dat die geprojekteerde uitgawe en inkomste binne die goedgekeurde begroting bly.
- (b) verslag doen aan die raadslid verantwoordelik vir finansiële aangeleenthede, oor 'n dreigende –
 - (i) ondervordering van inkomste;
 - (ii) tekort in begrote inkomste;
 - (iii)
 - (iv) Toepaslike stappe wat geneem gaan word.

Daar moet ook kennis geneem word van Artikel 30 (3) wat bepaal dat die raadslid verantwoordelik vir finansiële aangeleenthede enige verklarings of verslae wat hy van die munisipale bestuurder in gevolge subartikel 2 (a) en (b) ontvang het, tydens die eerste vergadering van die raad na ontvangs van sodanige verklarings of verslae, ter tafel moet lê.

Dit is raadsaam en ook belangrik om reeds op hierdie stadium van Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet No: 32 van 2000), kennis te neem. Die betrokke artikel het betrekking op die dienskontrakte vir munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is. Artikel 57 bepaal soos volg:

- (1) 'n Persoon wat as 'n munisipale bestuurder van 'n munisipaliteit aangestel staan te word, en 'n persoon wat as 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, aangestel staan te word, mag slegs in daardie posisie aangestel word –
 - (a) ingevolge 'n skriftelike dienskontrak met die munisipaliteit wat aan die bepalings van hierdie artikel voldoen; en
 - (b) behoudens 'n aparte prestasie-ooreenkoms wat jaarliks aangegaan word soos in subartikel (2) voorgeskryf.
- (2)
- (3)

- (4) Die prestasie-ooreenkoms bedoel in subartikel 1 (b) moet die volgende insluit –
- (a) prestasie-oogmerke en –doelwitte wat bepaal moet word in die tydskale waarbinne die prestasie-oogmerke en –doelwitte behaal moet word;
 - (b) standaarde en procedures vir die evaluering van prestasie en tussenposes tussen evaluerings; en
 - (c) die gevolge van substandard prestasie.
- (5) Die prestasie-oogmerke en –doelwitte bedoel in subartikel 4 (a), moet prakties, meetbaar en gebaseer wees op die sleutelprestasie-aanwysers wat van tyd tot tyd in die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan uiteengesit word.
- (6) Die dienskontrak vir 'n munisipale bestuurder moet -
- (a)
 - (b) 'n bepaling insluit vir kansellasie van die kontrak in die geval van nie-nakoming van die dienskontrak of, waar toepaslik, die prestasie-ooreenkoms;
 - (c)
 - (d)

Die raad moet ook kennis neem van artikel 99 van dieselfde Wet wat betrekking het op die raad se verantwoordelikhede as toesighoudende gesag. Die betrokke artikel bepaal in kort dat die uitvoerende komitee, moet as die toesighoudende gesag, toesig hou oor die implementering en uitvoering van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en die verordeninge wat daarvan verband hou. Die hele proses met betrekking tot die implementering en uitvoering van die beleid moet dus deurlopend deur die uitvoerende komitee gemoniteer word.

Die betrokke artikel bepaal verder dat die prestasie van die munisipale bestuurder in die implementering van die beleid en verordeninge, ook deur die uitvoerende komitee as toesighoudende gesag, gemoniteer moet word.

In sub-artikel (3) van die artikel word ook bepaal dat die uitvoerende komitee met tussenposes deur die raad bepaal, verslag doen aan 'n vergadering van die raad oor die nakoming, nie-nakoming, vordering/verbetering in die stand van debiteure en enige ander aangeleentheid met betrekking tot debiteure wat die komitee graag onder die raad se aandag wil bring.

In die betrokke Wet word 'n duidelike onderskeid tussen die verantwoordelikhede van die toesighoudende en implementeringsgesag getref. In artikel 100 van die Wet word die verantwoordelikhede van die implementeringsgesag in geen onduidelike taal uiteengesit.

Artikel 100 bepaal dat die munisipale bestuurder die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid moet implementeer en uitvoer asook die verordeninge wat uitgevaardig en daarvan verband hou. Die munisipale bestuurder moet verder inooreenstemming met die beleid en sodanige verordeninge, effektiewe administratiewe mechanismes, prosesse en procedures instel om geld in te vorder wat aan die munisipaliteit

verskuldig is. Voorgeskrewe besonderhede soos deur wetgewing of raad vereis, moet met tussenposes soos deur die raad bepaal, aan die uitvoerende gesag voorgelê word.

Voorafgaande wetgewende bepalings dui op die erns waarmee die Wetgewer onder andere kredietbeheer bejeën. Munisipale bestuurders se verantwoordelikhede om kredietbeheer doeltreffend en effektief toe te pas is deeglik omskryf en daar rus 'n belangrike taak op hulle skouers om toe te sien dat alle gelde aan die munisipaliteit verskuldig is, verhaal word.

Afgesien van die ernstige finansiële gevolge wat wanbetaling deur debiteure vir die munisipaliteit inhoud soos aangedui in afdeling 2 van hierdie verslag, sal dit ook 'n negatiewe uitwerking op die prestasie van die munisipale bestuurder hê.

Indien die inkomste waarvoor begroot word, nie gegenereer word nie sal die prestasie-oogmerke en –doelwitte wat gebaseer is op die sleutelprestasie-aanwysers soos uiteengesit in die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan, nie deur die munisipale bestuurder weens die gebrek aan kontantfondse, nie bereik word nie.

Sodanige substandard prestasie kan ernstige gevolge vir die munisipale bestuur inhoud en kan uiteindelik ook tot die kansellasie van die munisipale bestuurder se kontrak met die raad aanleiding gee.

Kredietbeheer moet gevolglik met groot erns benader word, beide deur die raad en amptenare aangesien dit ernstige gevolge vir die loopbane van senior amptenare kan inhoud as die aangeleentheid nie met die nodige omsigtheid benader word nie.

5. VERORDENINGE

Ten einde aan die bepalings van huidige en voorgenome wetgewing te voldoen en ook ter wille van ordelike finansiële bestuur, is dit noodsaaklik dat die raad bestaande water-, elektriesiteit-, riol- en vullisverwyderings-verordeninge opdateer/voorberei en aan die raad vir oorweging voorlê.

Om uitvoering hieraan te gee, word 'n stel Watervoorsieningsverordeninge in Afrikaans en Engels as Bylaag E, aangeheg en 'n stel Elektriesiteitsvoorsieningsverordeninge ook in Afrikaans en Engels as Bylaag F aangeheg.

Die aanvaarding van die verordeninge sal nie net ligimiteit aan die kredietbeheerproses verleen nie, maar ook suksesvolle vervolging in 'n hof tot 'n groot mate verseker.

Die verordeninge moet nadat dit deur die raad aanvaar is, gepromulgeer word. Die verordeninge gee ook uitvoering aan die bepalings van artikel 98 (1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) wat soos volg bepaal:

- 'n Munisipale raad moet verordeninge aanneem om gevolg te gee aan die munisipaliteit se kredietbeheer en skuldinvorderingsbeleid en die implementering en uitvoering daarvan.

6. VERBRUIKERSDEPOSITO

Ingevolge algemene aanvaarde sakepraktyk is dit 'n gevestigde gebruik om vooraf deposito's te vorder in gevalle waar 'n deurlopende diens op krediet gelewer word. Die oorwegende rede vir hierdie gebruik is om oninvorderbare skuld te voorsien of tot die minimum te beperk. Die kwessie omtrent oninbare skulde word in afdeling 7 van hierdie verslag verder bespreek.

Die munisipaliteit vorder tans die volgende deposito's vir alle kategorië verbruikers:

Elektrisiteitsverbruikers	R 120.00
Waterverbruikers	R 25.00

'n Ondersoek na die maandelikse verbruike deur debiteure toon dat verbruikersdeposito's in die meerderheid gevallen onvoldoende sal wees om slegte skulde te voorkom. Omdat besighede tradisioneel groter verbruikers van munisipale dienste is, behoort 'n hoer bedrag as deposito van hierdie kategorie verbruikers gevorder te word..

Om in lyn met die algemeen aanvaarde gebruik te kom en ook om uitvoering aan die bepalings van die Water- en Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge te gee, word aanbeveel dat die volgende bedrae met betrekking tot die vordering van minimum deposito's vanaf datum van goedkeuring van die beleid, sal geld:

Wonings

Water	R 60.00
Elektrisiteit	R200.00

Besighede

Water	R100.00
Elektrisiteit	R400.00

Elke aansoeker wat 'n toevoer verlang, moet, voordat sodanige toevoer geskied, 'n bedrag geld stort wat na die mening van die hoof finansiële beampete, gelykstaande is aan die koste van die waarskynlike maksimum water- en elektrisiteitsverbruik van die aansoeker gedurende enige twee agtereenvolgende maande met 'n maksimum soos van toepassing ten opsigte van nuwe aansluitings.

Verbruikers wat tans oor geen deposito beskik nie of wie se deposito onvoldoende blyk te wees, sal in die volgende gevallen aangesuiwer word:

- insolvensie/likwidasie/onder administrasie/sekwestrasie;
- 'n verbruiker gedurende 'n finansiële jaar meer dan twee "verwys na trekker"-tjeks vir betaling aanbied;
- 'n verbruiker wie se dienste-toevoer weens wanbetaling ontkoppel word;
- verbruikers wat vir watter rede ookal met die Raad se water- en elektrisiteitstoerusting peuter/beskadig of seëls breek.

'n Unieke tegniek wat skynbaar met sukses by ander munisipaliteite toegepas word, is dat die munisipaliteit 'n ooreenkoms met die eienaar van eiendom wat verhuur word aangaan tot

dien effek dat die eienaar onderneem om enige agterstallige diensterekening van die huurder te betaal indien hy ingebreke sou bly om te betaal.

Dit is onbekend tot welke mate sodanige ooreenkoms regsgeldig afgedwing kan word en of die raad by magte is om 'n eienaar te dwing om so 'n ooreenkoms met die raad aan te gaan.

Weens die onsekerheid van die geldigheid van hierdie praktyk, word aanbeveel dat die raad 'n regsmening daaromtrent verkry voordat die metode geïmplementeer word.

7. ONINVORDERBARE SKULD

Wanneer goedere en dienste op skuld gelewer word, bestaan die gevaar altyd dat sommige verbruikers en ander debiteure nie hulle rekeninge sal betaal nie. In die literatuur word daar 'n onderskeid getref tussen twyfelagtige en oninbare skuld. Indien die vermoede bestaan dat 'n skuld nie betaal sal word nie, is die betaling van die skuld twyfelagtig; wanneer daar geen hoop is dat die skuld ooit ingevorder sal word nie, dan is dit oninvorderbaar.

Munisipaliteit moet deeglik bewus wees van die gevaar van twyfelagtige skulde. Alhoewel munisipaliteit geen keuse het as om goedere en dienste op krediet te lewer nie, moet twyfelagtige skuld egter binne perke gehou word. Die lewering van goedere en dienste op krediet verhoog die inkomste vir die betrokke dienste en verseker dat die dienste koste-effektief gelewer word, terwyl oninbare skulde 'n tekort (verlies) is wat voortvloeи uit kredietverlening.

Die Ouditeur-Generaal het in sy verslag oor die werksaamhede van die voormalige Munisipaliteit van Murraysburg vir die boekjaar wat op 30 Junie 2001 geëindig het, sy kommer oor die toename in debiteure uitgespreek. Dit blyk ook dat die munisipaliteit op 30 Junie 2001 slegs 'n voorsiening vir oninbare skuld van R454 000 geskep het.

Die feit dat die gevaar van twyfelagtige skulde altyd bestaan, dat dit eers op 'n latere tydstip bekend sal raak en dat dit 'n tekort (verlies) is vir die tydperk waarin die goedere en dienste gelewer is, beteken dat daar in die onderhawige finansiële periode 'n beraming van die twyfelagtige skulde gemaak moet word en dat die beraming by wyse van 'n bydrae tot 'n voorsiening vir oninbare skuld in berekening gebring word. Die skepping van 'n bydrae tot 'n voorsiening vir oninbare skuld het twee voordele:

- die beraamde tekort (verlies) word voorsien in die tydperk waarin die ooreenstemmende inkomste verdien is; en
- die debiteure saldo verskyn in die belansstaat teen die netto realiseerbare waarde daarvan, aangesien die bydrae afgetrek word van die bruto bedrag van die debiteure.

Die bydrae tot 'n voorsiening vir oninbare skuld is in ooreenstemming met die riglyne van die Departement van Finansies soos aangedui in afdeling 2 asook *Generally Accepted Municipal Accounting Policies (GAMAP)* 103. Dit is algemeen bekend dat munisipaliteit binne 'n jaar of twee van nou af finansiële state volgens die aanvaarde rekeningkundige raamwerk soos vervat in GAMAP, sal moet voorberei.

'n Bydrae tot 'n voorsiening vir oninbare skuld vind uiteraard meerslag, in die tariewe. Hoe groter die bydrae hoe groter die verhoging in tariewe. Dit is twyfelagtig of die raad op hierdie

stadium voldoende voorsiening vir die afskryf, volgens die voorskrifte van die Departement, sal kan maak.

Die volgende riglyne word aanbeveel as toekomstige beleid om te bepaal wanneer 'n bedrag afgeskryf kan word:

'n Bedrag mag alleenlik as oninvorderbaar afgeskryf word nadat 'n verslag met volle besonderhede wat ook die stappe geneem, insluit, deur die hoof finansiële beampte voorberei en aan die raad vir oorweging voorgelê is. Die stappe wat gevolg moet word, kan die volgende insluit:

- rekening met datum en besonderhede van goedere en dienste, aan debiteur gelewer;
- opskorting van munisipale dienste;
- skriftelike finansiële kennisgewing waarin debiteur versoek word om verskuldigde bedraga voor 'n spesifieke datum te betaal;
- oorhandiging van rekening aan raad se prokureurs vir invordering;
- Artikel 65 stappe;
- besoldigingsbevel teen debiteur se salaris;
- beslaglegging op roerende bates;
- beslaglegging op onroerende bates.

8. DOKUMENTASIE

Om die invorderingsproses in lyn met huidige en toekomstige wetgewing in die raad se voorgestelde water- en elektrisiteitsverordeninge te bring, word aanbeveel dat die huidige afbetalingsooreenkoms asook die verbruikersooreenkoms met die aangehegte reeling vir afbetaling (Bylaag C) en verbruikersooreenkoms (Bylaag D) vervang word.

9. BELASTING EN DIENSTEGELDE VERSKULDIG DEUR RAADSLEDE EN AMPHENARE

Die Gedragskode vir Munisipale Personeellede soos vervat in Bylae 2 tot die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) bepaal in item 10 soos volg:

'n personeellid van 'n munisipaliteit mag nie vir 'n tydperk van langer as drie maande agterstallig wees met eiendomsbelasting en dienstegelde nie, en 'n munisipaliteit kan na dié tydperk enige uitstaande bedrae van 'n personeellid se salaris aftrek.

Die Gedragskode vir Raadslede soos vervat in dieselfde wetgewing spreek hom egter nie uit oor raadslede wat agterstallig is met belasting en dienstegelde nie.

Item 10 in die Gedragskode vir Munisipale Personeellede skep egter bepaalde probleme in die opsig dat dit amptenare by implikasie toelaat om voortdurende drie maande agterstallig met belasting en dienstegelde kan wees. Belastingbetaleres en verbruikers (raadslede ingesluit) aan die ander kant, mag nie agterstallig wees nie en word daar gevvolglik in gevolge die bepalings van die goedgekeurde kredietbeheerebeleid teen raadslede, belastingbetalers, verbruikers en ander debiteure opgetree.

Hierdie anomalie kan aanleiding tot groot ongelukkigheid onder belastingbetalers en verbruikers gee as dit nie met groot omsigtigheid en sensitiwiteit hanteer word nie.

Dit sal raadsaam wees as die raad 'n beroep op raadslede en amptenare wat moontlik agterstallig met belasting, dienste en ander gelde is, doen om hulle rekeninge so spoedig moontlik op datum te kry en te hou. Deur positief op so 'n beroep te reageer sal die raad 'n bepaalde boodskap na die gemeenskap stuur wat slegs tot voordeel van die munisipaliteit kan wees.

10. VOORKEURVOLGORDE VAN BETALING

Die persepsie bestaan blykbaar by verbruikers dat dit slegs nodig is om vir elektrisiteitsaankope te betaal en nie vir ander noedsaaklike dienste soos water, riool en vullisverwydering nie. Die persepsie is skynbaar daarop gegrond dat dit nie in die openbare gesondheidsbelang is om die lewering van die betrokke dienste te staak nie.

Die staking van die dienste is in elk geval 'n duur en moeisame proses en kan in die geval van die riooldiens, nie gestaak word nie.

Suksesvolle invordering van agterstallige bedrae sal afhang in welke mate die raad die invorderingsmeganismes tot sy besikking gaan aanwend. Die mees kostedoeltreffende invorderingsmeganisme is om nie elektrisiteit aan debiteure wat agterstallig is met dienste en ander gelde, te verkoop nie tensy 'n skriftelike en aanvaarbare ooreenkoms met die raad aangegaan is.

Die raad as verskaffer van elektrisiteit kan weier om elektrisiteit aan wanbetalers te verskaf en daarom kan verbruikers nie aanspraak maak dat hulle 'n reg tot die aankoop van elektrisiteit het nie.

Die voormalige Munisipaliteit van Moorreesburg het gedurende 1997 'n regsmening op die vraag of die munisipaliteit kan weier om vooruitbetaalde elektrisiteit aan 'n verbruiker te verkoop, tensy alle gelde verskuldig aan die munisipaliteit ten volle betaal is, verkry. In sy mening oor hierdie aangeleentheid was die advokaat van mening dat die munisipaliteit in beginsel oor die bevoegdheid beskik om:

- munisipale dienste te verskaf;
- ooreenkomste met verbruikers van dienste te sluit;
- voorwaardes op te lê wat betref die verskaffing en beëindiging van verskaffing van dienste; en
- stappe te implementeer ter versekering daarvan dat verbruikers daarvoor betaal.

In die mening word ook gemeld dat dit belangrik is dat daar 'n besluit om geen voorafbetaalde elektrisiteit aan 'n verbruiker te verkoop tensy alle gelde verskuldig aan die munisipaliteit ten volle betaal is nie, deur die raad geneem moet word en om die betrokke klousule in die verbruikersooreenkoms in te sluit.

Op die vraag of die munisipaliteit se optrede redelik is, was die advokaat se mening dat die munisipaliteit se optrede wel op grondige redes gebaseer is:

- Die invordering van diensteheffings is noedsaaklik vir voortgesette dienslewering deur die munisipaliteit.

- 'n Effektiewe diens deur die munisipaliteit is eweneens in openbare belang. Indien sommige verbruikers nie daarvoor betaal nie, het dit die effek dat die dienste vir ander verbruikers duurder word.
- Hierdie is klaarblykbaar 'n effektiewe wyse waarop betaling van dienste verseker word.

Die advokaat se mening is verder dat die munisipaliteit nie met verskuilde motiewe optree nie en die duidelike doelwit stel vir die afdwing van betaling van dienste. Dit is 'n ligitime en aanvaarbare doelwit.

Die gevolge van die munisipaliteit se optrede is om verbruikers wat nie vir hulle dienste betaal nie, van elektrisiteit te ontneem. Dit is te betwyfel of hierdie problematies is aangesien elektrisiteit nie noodsaaklik vir oorlewing beskou word nie.

Die advokaat maan dat die munisipaliteit baie versigtig moet wees dat sy optrede nie diskriminerend moet wees nie. Verbruikers van elektrisiteit op die vooruitbetaalde stelsel moet nie elektrisiteit op 'n ander basis as die verbruikers van elektrisiteit op rekening (konvensionele verbruikers) verkry nie.

Die advokaat is van mening dat die munisipaliteit wel die beoogde voorwaarde in sy ooreenkoms kan invoer, mits:

- sy optrede nie diskriminerend is nie;
- die raad bewus is van die politieke sensitiwiteit van sy optrede; en
- billike procedures gevolg word by die implementering van die voorwaarde.

Om die munisipaliteit in staat te stel om bekostigbare munisipale dienste te lewer, is dit noodsaaklik dat elke diens sy regmatige inkomste ontvang. Betalings wat aangebied word, moet dus volgens 'n bepaalde prioriteitsvolgorde na die onderskeie dienste toegewys word. Dit is die raad se prorogatief om sodanige prioriteitsvolgorde te bepaal.

Om in lyn met die regsmening te kom, sal sommige dokumentasie wat tans in gebruik is, aangepas moet word. Die bewoording op die leweringsooreenkoms en die afbetalingsooreenkoms moet sodanig aangepas word waaruit dit duidelik blyk dat dit die raad se prorogatief is om betalings volgens 'n bepaalde en goedgekeurde prioriteitsvolgorde toe te wys en dat die raad hom die reg voorbehou om dienste te weier tensy alle bedrae verskuldig aan die raad, vereffen is.

Daar word aanbeveel dat die betaling van rekeninge, volgens die volgende betalingsprioriteit toegewys word:

- Rente/toeslag
- Belasting
- Riool
- Vullis
- Leiwater
- Oorskryding
- Sanutasie

- Lenings
- Huishuur
- Water
- Elektriesiteit
- Diverse

11. HEF VAN RENTE/TOESLAG

Dit is algemene aanvaarde sakepraktyk en ook gesonde finansiële bestuurspraktyk om rente op agterstallige bedrae te hef. Die praktyk om rente op agterstallige bedrae te hef word nie net in die privaatsektor gevvolg nie, maar word ook op Sentrale Owerheidsvlak, bv. deur die Ontvanger van Inkomste, gevvolg. Dit is daarom nie uniek dat munisipaliteite rente op agterstallige bedrae hef nie.

Die munisipaliteit volg tans die beleid om geen rente op agterstallige eiendomsbelasting, riool- en beskikbaarheidsgelde in gevvolge Artikel 89 van Ordonnansie 20 van 1974 te hef nie.

'n Munisipaliteit kan ingevolge Artikel 89 (3) (a) van die Ordonnansie aansoek om vrystelling van die hef van rente op agterstallige eiendomsbelasting doen. Die betrokke artikel bepaal soos volg:

Datum waarop belastings verskuldig en betaalbaar word

89. (1);
 (2);
 (3)'; met dien verstande dat –
- (a) die Administrateur, na oorleg met 'n raad en onderworpe aan die voorwaardes wat hy stel, kan bepaal dat met ingang van 'n datum vermeld, die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie ten opsigte van enige belasting wat aan sodanige raad betaalbaar is en sodanige bepalings is daarna nie ten opsigte van sodanige belasting van toepassing nie vir die tydperk wat die Administrateur vasstel of, as geen tydperk aldus vasgestel word nie, totdat die Administrateur anders gelas.

Alhoewel die raad aansoek om vrystelling van die hef van rente op agterstallige eiendomsbelasting kan doen, word so 'n aansoek nie aanbeveel nie. Die aanbeveling spruit voort uit die volgende ontleding van die raad se finansiële posisie.

Die finansiële posisie van die raad kan net bepaal word nadat 'n uitvoerige evaluering gedoen is wat geensins die bedoeling van hierdie verslag is nie. Die voglende ontleding sal nietemin 'n aanduiding van die munisipaliteit se finansiële situasie in verhouding tot die risiko en die algemene prestasie gee.

'n Ontleding van die finansiële resultate van die voormalige Munisipaliteit van Murraysburg vir die boekjaar wat op 30 Junie 2001 geëindig het, toon die volgende:

Die balansstaat toon dat die bedryfsbateverhouding, dit is daardie verhouding wat die totale geldbedrag toon, wat teen die totale geldvereistes (oor die korttermyn) beskikbaar is, soos volg sal wees:

1999/2000

2000/2001

5,7 : 1

6,9 : 1

Wat beteken die verhoudings? In 1999/2000 het die munisipaliteit bedryfsbates ten bedrae van R5,70 vir elke R1,00 bedryfslaste gehad. In 2000/2001 het dit tot R6,90 se bedryfsbates vir elke R1,00 bedryfslaste toegeneem.

Die verhouding toon duidelik in welke mate die raad se likiditeit verbeter het, maar die munisipaliteit se vermoë om debiteure in kontant te omskep, moet steeds bevraagteken word.

Die likiditeitsverhouding kan nooit in isolasie beskou word nie en moet altyd saam met aktiwiteitsverhoudings, soos bv. die debiteure omsetkoers, oorweeg word. Die invorderings tydperk vir debiteure gee ook 'n baie sterk aanduiding van die likiditeit: hoe vinniger debiteure in kontant omgeskakel word, hoe meer likied word die munisipaliteit. Die mees relevante verhouding hier is die vergelyking tussen die debiteuretermyn en die krediteuretermyn.

Indien skuld ingevorder word voordat betalings aan krediteure gedoen word, is die kans skraal dat die munisipaliteit kontantvloeiprobleme sal ervaar. Die omgekeerde geld ook. Indien die munisipaliteit krediteure betaal, soos wat tans die geval is, voordat kontant van debiteure ontvang word, word die kontantvloeい onder druk geplaas.

Daar word aanbeveel dat indien enige belasting-, dienste- en ander gelde onbetaald bly vir 'n periode vanaf die datum waarop sodanige belastings, dienste en ander gelde betaalbaar geword het, 'n toeslag in die geval van water en elektrisiteit en rente in die geval van belasting, riool en vullis, in gevolge statutêre voorskrifte, bereken vanaf die dag wat volg op die verstryking van sodanige tydperk teen die standaardkoers deur die raad gevorder en verhaal vir elke maand wat sodanige belasting, dienste en ander gelde onbetaald bly.

Die hef van rente of 'n eenmalige toeslag op agterstallige bedrae moet teen die agtergrond beskou word dat die munisipaliteit ook onder hewig is aan die betaling van rente aan krediteure indien bedrae laat betaal word. Daar is reeds daarop gewys dat die munisipaliteit se likiditeitsposisie onder druk verkeer huis vanweë die wanbetaling deur verbruikersdebiteure. Om hierdie rede sal dit net geregverdig wees, en maak dit ook economies sin, om rente wat deur die munisipaliteit op laat betalings weens 'n gebrek aan voldoende kontantfondse aan krediteure betaal moet word, van wanbetalers te verhaal. Die betaling van rente op 'n oortrokke bankrekening en die verlies aan renteverdienste op deposito's by finansiële instelling weens die gebrek aan voldoende kontantfondse, moet ook nie buite rekening gelaat word nie.

Die voorgestelde konsepwetgewing oor die hef van eiendomsbelasting soos vervat in die Property Rates Bill, maak sover wat vasgestel kan word, nie voorsiening vir die hef van rente op agterstallige eiendomsbelasting nie. Daar word welliswaar in die konsepwetgewing na die vordering van alle uitstaande bedrae, insluitend rente, verwys,

maar nêrens na die hef van rente nie. Daar kan verwag word dat die kwessie met betrekking tot die hef van rente wel in die kommentaar oor die voorgestelde konsepwetgewing aangespreek sal word.

Die magtiging om 'n eenmalige toeslag op verbruikersdienste te hef, word nie statutêr voorgeskryf nie, maar moet in die verordeninge van die onderskeie verbruikersdienste vervat wees. Voorsiening vir die hef van 'n eenmalige toeslag op agterstallige water- en/of elektriesiteitsrekeninge is in die aangehegte konsepverordeninge vir die twee dienste gemaak.

Om verbruikers wat agterstallig met dienstegelde is, tegemoet te kom, word aanbeveel dat daar nie 'n toeslag op die agterstallige verbruikersgelde gehef word waar sodanige verbruiker sy lopende maand se rekening ten volle voor of op die betaaldatum betaal het en waar 'n skriftelike ooreenkoms met die raad aangegaan is om die agterstallige bedrag aft e betaal en die reeling stiptelik nagekom word.

Dit is dus duidelik dat 'n toegewining deur die raad om nie 'n toeslag in sekere gevalle te hef nie, 'n beduidende verligting vir sommige huishoudings te weeg sal bring.

Die problem is egter dat die hef van 'n eenmalige toeslag slegs in die elektriesiteitsverordeninge vervat is en die raad nie by magte is om bloot die bepaling te ignorer nie. Om die problem te oorbrug word aanbeveel dat die betrokke bepaling in die elektriesiteitsverordeninge sodanig te wysig en in die water- en vullisverwyderingsverordeninge bygevoeg word, waaruit dit duidelik blyk dat die raad by magte is om 'n toeslag te hef, sonder vermelding van 'n persentasie waarteen die toelsag bereken word.

So 'n aanpassing aan die bewoording van die betrokke artikels in die verordeninge sal tot gevolg hê dat die raad bloot deur middel van 'n besluit die koers kan vasstel.

Daar word aanbeveel dat die betrokke artikels in die onderskeie verordeninge aangepas en bygevoeg word om soos volg te lees:

'n Toesig soos deur die raad goedgekeur word gevoeg by elke rekening wat nie voor of op die twintigste (20ste) dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die rekening gelewer is by die raad se kantore betaal is nie, of die eerste dag waarop die raad se kantore oop is as die twintigste (20ste) op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag val; met dien verstande dat 'n gedeelte van 'n maand vir die toepassing van hierdie bepaling, geag word 'n maand te wees.

Die hef van rente en 'n toeslag kan in 'n mate as 'n dwangmaatreël beskou word en wel in die mate dat belastingbetalers en verbruikers aangemoedig word om hulle rekeninge gereeld en stiptelik te betaal. Indien rente en 'n toeslag nie geheg word nie, bestaan daar weinig ander maatreëls om belastingbetalers en verbruikers aan te moedig om hulle rekeninge voor of op die vervaldatum te vereffen. As debiteure toegelaat word om hulle rekeninge op 'n willekeurige datum wat vir hulle gerieflik is, te betaal, sal dit kontantvloei probleme vir die munisipaliteit tot gevolg hê. 'n Gevolg van so 'n benadering sal 'n verskerpte aksie teen debiteure met gepaardgaande groter uitgawes vir die munisipaliteit tot gevolg hê wat tot niemand se voordeel sal wees nie.

In bostaande uiteensetting wat in 'n simplistiese sin 'n kort verduidelik van 'n gekompliseerde aangeleentheid is, is aangedui daarom dit nie raadsaam sal wees om in geheel met die hef van rente en toeslag weg te doen nie.

Daar word aanbeveel:

- (a) dat die kredietbeheerbeleid, soos geformuleer in Bylaag B, as beleid geïmplementeer word op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die beleid goedgekeur is;
- (b) dat alle vorige besluite met betrekking tot kredietbeheer, herroep word sodra die beleid aanvaar is;
- (c) dat belastingbetalers, verbruikers en ander debiteure deur middel van 'n nuusbrief, persverklaring en enige ander metode as wat die raad mag nodig ag, van die aanvaarding van die kredietbeheerbeleid in kennis gestel word;
